
# STROOM-OP

NUUSBLAD VAN DIE AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL EN DIE AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

## MATRIEKFEES



Jan Marais aan die woord.

**Op Vrydagaand 17 Oktober om 19h30 het die matriekafskeid amptelik begin. Die vroegkommers is stomgeslaan deur die reusagtige grot wat hulle deur 'n nou gangetjie vanaf die suidekant van die saal betree het. Ook deur die "vuil" grotbewoners wat hulle ingewag en verwelkom het is hulle aangenaam verras.**

Vir die laatkommers was die prentjie volkome, want toe hulle die grot betree het, was dit reeds vol dansende paartjies. Voorwaar 'n asemrowende gesig! Dit is onmoontlik om te skat hoeveel harde werk die grotbewoners in die opmaak van die saal gesit het. Hulle het aan alles gedink: Stalagmiete en stalagtiete, donker hoekies en gangetjies en selfs 'n waterstroompie wat 'n watervalletjie met stoom gevorm het. Hul oer kuns was oral op die wande van die grot te bespeur en dit het die hele saal nog verder afgerond.

Die koeldrank en versnapperinge was uit die boonste rakke. Die orkes het ook baie daartoe bygedra om van hierdie aand 'n sukses te maak. Hulle het musiek gespeel waarvan die matrieks gehou het. Die matrieks het vroeg in die aand reeds "gees gevang." Almal het dit "uitgekap" selfs die onnies het nie op hul laat wag nie. Die meeste het deurentyd op die dansvloer gebly en slegs gerus wanneer die orkes gepouseer het.

Die toesprake was gelukkig baie kort en kragtig. Leon Nel die gasheer het iets gesê tussen al die "Hy lyk vir my so baie soos tant Koek se hoenderhaan" en "Hy's 'n gawe kêrel" deur. Mnr. Roesh het sy sê gesê waarna Jan aan die woord gekom het. Hierna het Jan en Cicile goedgunstiglik op spesiale versoek van Tiaan en Stephen aan almal 'n "two-step" vertoning gelewer. Hy het hom voorwaar goed van sy taak gekwyt.

Die matriekafskeid van 1975 is 'n gebeurtenis wat voorwaar nog baie lank in die geheue van almal wat daar was ingeprent sal wees. Hierdie afskeid was voorwaar 'n geleentheid net vir die matrieks. Hulle het dit soveel te meer geniet omdat hulle nie die hele aand moes wals, two-step ens. nie. Ons wil die vertroue uitspreek dat dit in die toekoms ook die geval sal wees.

R. de Muelenaere.

## KWARTEEU-REKORD

**Dit is algemeen bekend dat Affies homself op 'n wye gebied regverdig. Net so algemeen bekend is die feit dat verskeie huidige Affies se pa's en oupa's ook op Affies skoolgegaan het. Uit bogenoemde is dit duidelik; eenmaal 'n Affie, altyd 'n Affie!**

Daar is egter 'n paar merkwaardige rekords geslaan. Maar daar is ook 'n rekord opgestel wat miskien nie so opspraakwekkend is nie, maar sekerlik moeiliker sal wees om te verbeter. Vanaf 1953 was daar nog elke jaar behalwe 1963 'n de Muelenaere seun aan ons skool verbonde. Daar was egter in 1963 'n de Muelenaere dogter by Meisies Hoër. 'n Totaal dus van 22 jaar wat die Afrikaanse Hoër Seuns- en Meisieskool ononderbroke de Muelenaere-kinders geken het. En hulle was almal van een geslag! Die seuns is Luc; Johan; Georges; Mark; Chris; Paul; Phillip en Robert. Laasgenoemde is op die oomblik besig om matriek te skryf.

Johan se oudste seun, Alex is tans in st. 1 en sal oor vier jaar na ons skool toe kom: Die eerste van die tweede geslag. 'n Jaar daarna sal drie nefies hom volg, en daarna . . . Dit is dus baie duidelik dat die rekord nie gou en maklik verbeter sal kan word nie! Baie geluk dr. en mev. de Muelenaere met hierdie merkwaardige prestasie.

## DOEN ELKEEN NET SY DEEL

**Donderdag 9 Oktober het Meisies- en Seunshoër hul jaarlikse Krugerfees gevier met 'n baie bekwame en interessante spreker nl. Dr. Theuns de Jongh.**

Wat ons aan die begin sommer op ons gemak gestel het was die feit dat hy dit dadelik duidelik gestel het dat hy nie hier is om ons volk se geskiedenis oor te vertel nie. Tog, sê hy, doem ons geskiedenis voor ons op en moet ons na die toekoms kyk.

Ons is 'n volk met die reputasie dat ons vir geen gevare terugdeins nie. Die Suid-Afrikaners is bekend oor die wêreld vir hulle godsdienstigheid, eerlikheid en betroubaarheid. Al stem die Afrika-leiers nie met ons saam nie, glo hulle nog ons is eerlik.

Die vraag wat by hom opgekom het was wat maak ons in die toekoms met ons geërfde reputasie en wat kan ons as die jeug van ons volk doen om hierdie reputasie te behou? Self antwoord hy dit dan, wat dan ook sy hoofboodskap was, dat elkeen net sy deel moet bydrae en homself na gees, liggaam en verstand ontwikkel, uit ons geslag leiers en helde van formaat sal spruit. Ons moet ons dus nie oor ons liggaamlike gebreke bekommer nie. Elkeen het êrens iets wat hy anders sou wou gehad het. Sy mening is dat jy jouself moet aanvaar soos jy is en die gawes wat jy het so ver as moontlik moet ontwikkel.

Met sy oulike "bôre" en Springbokstories het mnr. De Jongh dit dan ook duidelik gestel hoe graag hy regtig 'n springbokkaptein, losskakel of vleuel sou wou wees om nie net stories vir sy seuns te vertel nie. Wat dit so paslik opgesom het was sy seun wat, na I sy opgedisde stories vertel is, hom ernstig aangekyk het en gesê het: "Pa, dis nou nie alles waar nie, maar dis darem mooi!" So kan ons ook "mooi" wees sonder om Springbokvleuel of Eerste Minister te wees.

Wat ons twee keer laat dink het, was toe hy vir ons die eienskappe van 'n ware Christen genoem het. Hy het dit geweldig beklemtoon dat 'n Christen, daarom ook 'n Afrikaner, nie die lewe kan ingaan sonder geloof in onse Hemelse Vader nie. Hierdie geloof is aan ons gegee, ons moet dit net met albei hande neem. 'n Christen is altyd vol hoop, liefde en is altyd eerlik. Hy is opreg, hardwerkend (hier het baie shuldig gevoel) en altyd betroubaar.

Baie paslik, veral by ons skoolkinders, is die eienskap van Stiptheid, want die een wat laat opstaan draf heeldag, en ook die eienskap van entoesiasme. So kan 'n mens nog baie eienskappe opneem nl. nederigheid, hoflikheid, determinasie, ens. Al hierdie eienskappe hoort én pas bymekaar.

Met sy baie fyn waarnemingsvermoë en mensekennis het Dr. de Jongh vir ons al hierdie basiese waardes uiteengesit en ons daarop gewys dat dit nie verander kan word nie. As dit verander word sal dit eerstens die samelewing en uiteindelik die hele volk breek.

Ten slotte het hy ons daarop gewys dat ons as jeug so graag verandering soek. Tog moet ons eers goed nadink wat ons verander wil hê en wat ons in die plek daarvan wil stel. Sy bemoedigende afsluiting was: "Draai jou gesig na die son, dan val die skaduwee agter jou".

Lanklaas het ons na 'n man geluister wat met soveel gesag en tog met soveel mensekennis kan praat. Hy het waarlik iets in 'n mens wakker gemaak wat jou diep laat nadink het en uiteindelik moed en hoop vir die toekoms in jou laat opvlam.

"Dra elkeen net sy deel by, dan het ons weer moed vir die toekoms".

## Affies groet juf. Weiss



**Na 35 jaar van harde en toegewyde arbeid, moet Affies nou tot siens sê aan Mej. Weiss.**

Mej. Weiss het in hierdie 35 jaar haar stempel in Affies gedruk. Haar kenmerkende aksent en haar blou D.K.W. sal ons altyd bybly, maar dit is slegs die onbelangrikste dinge. Wat juffrou Weiss nie al alles vir Affies gedoen het nie, is nie die moeite werd om genoem te word nie.

Eerstens het sy as wiskunde en rekeningkunde onderwyseres haar puik van haar taak gekwyt. Sy het op haar kenmerkende fyn manier die basis van dié vakke vir die juniors gelê sodat hulle ook dan eendag met vlieënde vaandels hulle wiskunde deurgekom het. Daar het 'n menigte dogters onder haar hand gestudeer. Dit het nie altyd maklik gegaan nie, want mej. Weiss het hoë eise gestel, maar die eindresultaat was altyd die moeite werd te aanskou. Selfs toe die oorskakeling na die metrieke stelsel gekom het, het mej. Weiss haar stempel gedruk. Niemand kan die nuwe name beter as sy uitspreek nie: "twie sentimita plus vyf sentimita giee siewe sentimita."

Behalwe die skoolhou sy van die saak het sy nog ander baie belangrike take vervul. Sy het jaarliks met haar groot bord en duisende gekleurde speldjies, die roosters vir die skool opgestel en met die eindeksamen ook vir Juffrou gehelp om die eksamenrooster op te stel. Hierdie is 'n werkie wat baie min mense haar kan nadoen. Waar ander instansies van rekenoutomate begin gebruik maak het, het mej. Weiss haar taak so deeglik soos niemand of niks anders uitgevoer nie.

Affies sê met hartseer tot siens aan mej. Weiss en wens haar alle voorspoed en geluk vir die toekoms toe. Ons hoop die pad wat voorlê hou net mooi en goed vir haar in en sy moet nooit die een frase van ons "skoollied" vergeet nie:

"Ons sal u graag terug wil hê
dis die Affies wat so sê."

H.d.W.

## In Memoriam

Op Donderdagaand 2 Oktober is Willem Adriaan van Zyl in 'n motorfietsongeluk deur die dood van ons weggeneem. Bekend as Awie, was hy geken as 'n beskeie, dog beginselvaste en besliste seun wat beide kante van die lewe geken het. Onder ons was hy baie gewild en het op sportgebied uitgeblink.

So het hy die skool se tweede rugbyspan verteenwoordig en het selfs die middag voor sy dood aan die interhuis-rugbybyeenkoms deelgeneem. As leerlinge en personeel van die skool staan ons geskok teenoor die onverwagte gebeurlikheid, maar ons berus daarin dat dit die wil van die Hoër Mag was om hom op te roep. Die skool eer die nagedagtenis van 'n goeie en getroue vriend, leerling en sportman.

**LEES BINNE:**


- **Redenaars — p. 3**
- **Fotobeeld 1975 — p. 5**
- **Briewekolom — p. 7**
- **Sport van die meesteers — p. 9**
- **Sportman van die jaar — p. 11**
- **Administrateursbeker: Tennis — p. 12**

# MATRIEKS 1975 SE VAARWEL

**Aangesien 1975 nou end se kant toe staan en dit die laaste uitgawe van STROOM-OP is, het die redaksie dit goed gedink om 'n bladsy aan die matrieks af te staan om hulle sê te sê en ook tot siens te sê op hulle manier.**

## *ONS HOOFMEISIE AAN DIE WOORD*

**Dit voel nog heeltemal onwerklik, maar tog het ons aan die einde van ons hoërskoolloopbaan gekom. Om die waarheid te sê, voel dit nog soos nou die dag toe ons as spilsplinternuwe ~~standerd sessies~~ met groot oë en bang harte die hoërskoollewe getrotseerhet.**

'N Baie belangrike deel van ons lewens is verby — 'n deel waar daar baie aan ons karakters geskaaf en gebou is. Hier in Affieland is ons in 'n groot mate gevorm tot die mense wat ons vandag is. Daar is hoë standaarde aan ons gestel en dit het party dae maar moeilik gegaan om by te hou by die vinnige pas. Vandag is ons egter dankbaar dat ons so deur ons skool aangemoedig is om ons beste te lewer.

### TROTS

Ons was gelukkig hier in Affieland. Elkeen het die geleentheid gekry om haarself ten volle uit te leef, hetsy op kulturele-, sport- of akademiese gebied. Ons was trots daarop dat ons onsself Affies kon noem. Die Afrikaanse Hoër Meisieskool het 'n goeie naam wat deur die jare opgebou is deur duisende dogters en hul onderwyseresse. Gedurende die afgelope vyf jaar het ons gevoel dat die eer van die skool in ons hande was en ons het trots gevoel oor dit wat ons kon bydra om op die ou tradisie voort te bou.

### DANKIE

Ons wil dankie sê aan al die onderwyseresse met wie ons te doene gehad het tydens die jare op hoërskool — daar van standerd ses af. Hulle het ons nie behandel asof ons 'n bondel kinders is vir wie hulle betaal word om skool te hou nie. Veel eerder het ons gevoel dat hulle 'n deel van hul lewens aan ons wy. In die klaskamer, maar ook op die sportveld en in die verenigingslewe het hulle 'n stempel op ons lewens afgedruk. Aan ons hoof, wat die middelpunt vorm waarom alles hier in Affieland draai, 'n groot dankie. Ons kon altyd na u opsien as iemand wat met vriendelikheid bereid was om na ons probleme te luister. U het hoë standaarde aan ons gestel maar vandag is ons bly daarvoor want nou sal ons ook nooit tevrede kan wees met die tweede beste nie.

Wanneer ons vir die laaste keer by die blou hekke uitstap sal ons wel die rooibaksteengeboue, mooi tuine en hoë dennebome agterlaat maar in ons hart sal ons altyd Affies bly. Wanneer ons 'n Blourokkie iewers sien sal ons met trots en mooi herinneringe terugdink aan ons skooljare.

### STERKTE

Aan julle wat in Affieland agterbly wil ek graag net die beste toewens. Geniet julle hoërskooljare want as 'n mens maar weer sien is dit verby. Daar rus nou 'n groot verantwoordelikheid op julle hou Affies se naam hoog sodat julle altyd met trots kan sing: "Affies, Affies dra die blou!"

Etresia Prinsloo.



## MATRIEKAFSKEID WAS 'N FEES!!

Ons voeg ons by die skare skoonhede voor die saal waar almal eers 'n tweede asem skep en regmaak vir die groot struikelblok van die aand — die voorstel van jou vriend. Vanaand groet almal almal, of jy hulle ken of nie. Dan besluit jy om die groot stap te waag en stap deur die roseboog.

Goeienaand Juf. Holtzhausen, ontmoet my vriend — Piet Skiet — Piet, Juf. Holtzhausen. Na die vierde keer het die woorde my gewurg en so vinnig moontlik het ons verby die paartjies na die middel van die vloer beweeg. Nadat ons mekaar goed deurgekyk het, kon jy 'n algemene opinie waag. Dit was té pragtig om te sien hoe iemand daar ver in die hoek haar nek verrek om iets te sien en dan aan haar vriendin te stamp om dit met haar te deel.

Etresia lewer toe haar kort boodskap en die fees begin! Dis rondomtalie hier en opskop daar en almal geniet hulle sowaar. Die saal was 'n pragtige tuin en ons het almal soos blomme gevoel. Die orkes het tot die feestelike stemming bygedra en toe hulle die ete aankondig was dit beslis nie nodig om te vra om vinnig te verkas nie.

Die kos was heerlik en die nagereg 'n fees. "Ek wonder waar koop 'n mens sulke roomys en koek?" was die algemene vraag. Vandaar is almal maar weer terug na die saal — elk met 'n souvenir in die sak . . .

Teen half-twaalf het ons afgesluit met "The last Waltz" en ons is vrolik daar weg met ons harte oorvol van geluk na so 'n skitterende aand. Maar moenie dink dat dit die einde was nie. Ek bedoel — dit was net 12 uur in die aand!! Koffie sal nou lekker smaak en so 'n opknappertjie daarby . . .! Ai. .!

En dis net waar ek wil ophou en aan al die St. 9's wil sê — baie, baie dankie vir die heerlike fees en ek hoop 1976 sal ook vir julle 'n beloning wees!

N.v.R.

## ONTVLUGTING: BERGE TOE

Aan elke Affie wat nog nie die natuur in soveel oorvloed ervaar het nie, my innige simpatie. Dit is hier, tussen bos en kloof, dat 'n mens van al die klaskamer frustrasies vergeet. Ek maak geen grap: onder sowat 35 vrolike matrikulante is daar heelwat frustrasies. Daarby was daar net **een** gelukkige mansmens saam. (Toemaar ons het hom goed behandel. Ek moet sê hy het ons hart . . . ag ek meen, kitaarsnare gestrum).

Die rit per bus het goed verloop, veral by die Wimpy Restaurant in Pietersburg, waar daar veel op die spel was met die sout- en peperpotte. Die gees was hoog en die barometer ook, maar in die laat middagson was daar geen beter lafenis as die "Eden" wat ons op die bergpiek gevind het.

Die windjie was skraal maar om die gesellige kampvuur, met die eerste kookspan aan't werk, was daar min om oor te kla.

Die oggend vroeg in "wrangler shorts" was die aftog gemaak met veel geesdrif — ironies dat die meeste energie juis die tyd van die dag verspeel moes word! Plaas dat ons dink aan die steilte terug! Aanvanklik sou ons waterval toe gegaan het, ongelukkig het Mej. Geldenhuys te veel inisiatief gebruik en ons het toe Suidwes van Noordwes afgedwaal en die "potholes" bereik wat eintlik die tweede dag se verrassing sou wees. Behalwe dat ons dit vanaf 'n ander rigting sou bereik — die keer meer 90 grade reguit aarde toe, padlangs.

Soos ek al genoem het was die opdraendes nie mak nie; inteendeel behalwe die paartjies wat fiksheidsentrums besoek, was daar vir die ander maar min genade. Die paar wat bevoorreg was om met 'n bakkie kamp toe terug te keer het ook so ampertjies ampertjies die aand in die polisiestasie geslaap (miskien sou dit dalk 'n bietjie meer beskut gewees het as waar ons was).

Die Donderdag is ons Tzaneen toe waar ons 'n aangename ete (die mense is stadiger op die platteland) geniet het. Vandaar na die Debagenie watervalle in die onbeskryflike (ideaal vir Tarzan of Jet Jungle), weelderige Magoebaskloof. Dit was hier waar daar drie jong dames hul lewens gewaag het deur die ys te breek en in die water te swem.

Om die kamp op 'n hoë noot af te sluit het ons die aand in 'n verlate Karavaanpark in Pietersburg deurgebring — al ooit gehoor van Pietersburg se inry wat aan die regterkant is as 'n mens die dorp binnekom — maar dié verdwyn mos in die nag. Ons gevolgtrekking: die mense gaan slaap vroeg daar. — Ook geïllustreer deur die restauranteienaar (die een met die sout en peper sonder deksels) wat ook die tyd van die nag al toesluit, verseker dat daar nie 'n busvrag giggelende bakvissies by hom sou inswem en oorneem nie).

Terug by die Karavaanpark ontdek ons toe dat daar paddas was: Mej. Geldenhuys met die bewerasies uit die slaap, Mej. Hoön in 'n toestand a.g.v. die feit dat sy die slymerige gedoente gevoel het maar nie die gedaante kon uitmaak sonder haar bril nie en Mej. van Rensburg wat maar gegiggel het in haar kussing. Dit alles omdat hulle in die waskamers op die strykplanke wou slaap.

Op pad terug Pretoria toe is dit alles toe vergewe (nie met die padda self nie) maar met 'n aaaaag hoooooee, lêêêêker en 'n wicks bubblegum!

Affies — julle moet gefrustreerd wees! Enigste oplossing is, 'n week in die natuur!

Sterkte vir die eksamen! As julle senuweeprobleme het na dese, dink gerus aan 'n staptoer — dit help nogal!

Heloise Henning.

## KOSHUISMATRIEKS SE, TOTSIENS MET THE TEMPEST QUOTES

**Suzelle:**
Hell is empty
and all the devils are here.

**Christine:**
Temperance is a delicate wench.

**Helene:**
Remember I have done thee worthy service; told thee no lies, made thee no mistakings, serv'd without or grudge or grumblings; thou didst promise to bate me a full year.

**Odé:**
I might call him a thing devine for nothing natural I ever saw so noble.

**Lize S.:**
. . . if you trouble him anymore in 's tale, by this hand, I will supplant some of your teeth.

**Acilia:**
Well, I am standing water. I'll teach you how to flow.

**Lise W.:**
Prithee, do not turn me about; my stomach is not constant.

**Petro:**
Tell not me — When the butt is out, we will drink water; not a drop before.

**Riekie:**
I had rather crack my sinews, breack my back; Than you should such dishonour undergo.

**Riana:**
And then in dreaming the clouds methought would open, and show riches ready to drop upon me; that, when I wak'd, I cried to dream again.

**Tisch:**
The very instant that I saw you, did My heart fly to your service; there resides, To make me slave to it.

**Jolante:**
A devil, a born devil, on whose nature Nurture can never stick.

**Sandra:**
Shortly shall all my labours end, and thou shalt have the air at freedom.

**Trinika:**
I would with such perfection govern, sir, To excel the golden age.

**Hönck:**
I have done nothing but in care of thee, my dear one, thee my daughter — who art ignorent of what thou art.

Koshuis Matrieks.

ALTO
MODES
Waar u u damesklere kan koop.
Whittlesteeg
Queenswoodgallerles

Uitheemse klere
direk uit die
Ooste!
1ste Vloer
New Muckleneuk Centre
New Muckleneuk
Tel.: 78-6610
KiKi

MINIFLORA
vir
skeppings
met
blomme
446593

# SKOOLPLAAS:

## Matrieks bring hul kant

**Almal van ons weet dat ons 'n plaas deel met Boy's High, maar wie was al ooit daar. Vele pogings is oor die afgelope jare aangewend om die plaas te besoek. Almal was egter vrugteloos. Hierdie jaar is daar werk van gemaak en Vrydag 12 September het sowat 30 matrieks met Danie Botha se beestrok en Christo de Klerk agter die stuur, na die plaas opgeruk.**

Almal was vrolik en geen probleme is op die pad soontoe ondervind nie. Die aand om en by sewe-uur het ons in Waterval-Onder aangekom maar mnr. Ferreira was nog nie daar nie en daag ook nie op nie. Al wat ons geweet het was dat die plaas in die pragtige bergwêreld om Waterval-Onder geleë is maar presies waar, het ons nie geweet nie. Terug op die hoofpad het ons mnr. Ferreira weer gevind.

Kort hierna het ons langs die pad gestop terwyl mnr. Ferreira die plaas gaan soek het. Dit het hom omtrent twee uur geneem om dit reg te kry. Terwyl hy weg was het Johan Nel duim gegooi terwyl die res van ons in die bosse versteek was. Menige motoris het spore gemaak wanneer die ander ouens egter uit die bosse verskyn het. Mnr. Ferreira het net betyds gekom om 'n barmhartige samaritaan te red daarvan om ons terug te bring na Pretoria.

Kort hierna was ons op die plaas en het die soektog na die rondawels waarin ons sou slaap begin. Ons kon dit egter nie kry nie en het onder die bloekombome naby die bergstroompie kamp gemaak. Spoedig was almal heerlik aan die smul aan braaivleis.

Saterdagoggend was mistig maar dit het gou opgeklaar alhoewel die son nie veel geskyn het nie. 'n Trop donkies is aangekeer en die Affies kon hul ruitersvernuf toets. Sommige manne het besluit 'n perd met saal en toom is makliker om te ry. Die vistermanne het nie veel geluk gehad nie en moes tevrede wees met vleis i.p.v. vis vir middagete.

Terwyl Tanne en Wiele die middag die Tanwiel dam gebou het, het die ander ouens die plaas verken. Jan se bandmasjien het saamgegaan en die aand kom almal die verkenningstog herleef. Die rondawels was toe net agter die plantasie naby die kamp. Hulle het geen dakke op nie maar sal gou en maklik reggemaak kan word.


Verder aan het hulle 'n ou vragmotor en trekker gevind sowel as 'n ou plaasopstal. Met nege ouens op die trekker het die bande gou te pap geword en is die lorrie se padwaardigheid getoets na 'n ligte stryd tussen Ros en Barel Sekker is besluit dat Barel die vragmotor sou bestuur aangesien hy alreeds sy lisensie het. Ongelukkig kon hulle nie die vragmotor tot by die kamp kry nie en moes hulle maar terug stap.

Enige iemand wat belang stel in dagga kan Wissie kontak. Hy het die begin van sy florerende boerdery op die plaas gekry. Nadat Pierre Fourie sy boksgeveg verloor het, het selfs die wolke begin huil en almal het 'n droeë slaapplekkie gesoek.

Sondagoggend het ons na 'n haastige ontbyt die terugtog aanvaar, aangesien dit steeds gereën het. Behalwe dat ons twee keer amper sonder diesel gestrand was, was die reis sonder voorval. Almal was bly om na 'n genotvolle naweek weer tuis te wees. Aan enige iemand wat die kans het om na dié plaas te gaan, gryp dit met albei hande aan. Dit is 'n pragtige plaas in 'n pragtige omgewing met baie moontlikhede. Hierdie plaas het vir vele jare ongebruik gelê, noudat die matrieks van 1975 begin het om dit te gebruik wil ons vra dat die Affies volgende jaar daarop sal voortbou. Dit is beslis die moeite werd.

Affies en Boys' High kan gerus aan die begin van volgende jaar saam plaas toe gaan en ook so ons bande met hulle verstewig. Ons doen 'n beroep op al die Affies om nie weer hul plig te versuim nie maar die plaas gereeld te besoek en iets groots daarvan te maak.

Dit is mooi en goed en reg so dat die matrieks soontoe was, kom ons bou daarop voort!



## 'n Mond vol "TAAL"

# Raai Wie is Wie

1. *Julle sal julle Afrikaans dop — as julle nie werk lat julle vrek nie!*
2. *Sakkie — sakkie — maar julle is mos nou al mooi groot.*
3. *Nee — nee boerras — ons bespreek nie die vraestel nie. Nou net stil daai manne daar.*
4. *Die trein sal jou trap jou secondhand.*
5. *Sharrup — ek kan nie sien so hard praat julle.*
6. *Moenie koekies bak nie kêrels.*
7. *Kom nou bere — dith vir Affieth.*
8. *Julle tigers.*
9. *Jou skurwekat.*
10. *So regop soos 'n potjie vlieë op 'n worshond se rug.*
11. *Menere — kom net vorentoe asseblief.*
12. *Wat is op die spyskaart vandag? — "Horsemeat" Jou misrabele vent.*
13. *Die eerste man wat sy mond oopmaak "hel" ek.*
14. *Ek ken hom persoonlik.*
15. *Julle dink ou soppies is stupid.*
16. *"Good morning" — no reply — "GOOD MORNING."*
17. *Jou skaapvel — sit op jou boom.*
18. *Kollegas net gou die volgende saak — ek herhaal net kortliks.*
19. *Julle moet maar net leer.*


10F

# REDENAARS WAARLIK PRIMA

**"Selfbehoud regverdig nooit diskriminasie nie" — hiervan het Marthinus van Niekerk en Wynand Bezuidenhout op skitterende wyse die gehoor by die jaarlikse redenaarskompetisie van die Junior Rapportryerskorps oortuig. Hulle het vyfde in die Republiek geëindig**



Marthinus van Niekerk



Wynand Bezuidenhout

Hierdie puik prestasie het nie vanself gekom nie. Dae lank is daar voorberei. Boeke is gelees en onderhoude met gesaghebbende persone gevoer. Onder leiding van mnr. Ferreira het die twee redenaars die onderwerp waaroor gepraat moes word van alle kante bekyk, deeglik ondersoek, uitmekaar getrek en na vele dae van swoeg en sweet besluit op watter wyse hulle die moeilike onderwerp sou beredeneer. Hulle het besluit om die onderwerp vanuit 'n godsdienstige oogpunt te benader.

Agt skole van oor die hele land het deurgedring tot die finaal, gehou in die vyfster Landdrost hotel in Johannesburg. Die 16 deelnemers (2 in 'n span) het reeds Vrydag 26 September by die hotel aangekom. Die Saterdagmôre het die Affie-ondersteuners daar opgedaag. Hulle was dan ook by verre in die meerderheid. Vier debatte is gevoer waarin elke span slegs teen een ander span moes praat. Beoordeling het op grond van punte geskiet wat vir verskillende aspekte toegeken is.

Ons span het sy goeie voorbereiding wat die kompetisie voorafgegaan het veral in die repliek getoon. Die opponente is geheel en al op hierdie terrein oorskadu. Hulle het o.a. na dieselfde bron as hul ooponente kon verwys om hul standpunt te staaf. Hulle het op skitterende wyse twee besondere moeilike vrae beantwoord en ook hier hul opponente oorskadu.

Net om alle onsekerheid uit die weg te ruim het Mej. Wêreld die aand in die eetsalon ons span se toesprake onderteken. Wie wil dan nog stry dat ons redenaars van die heel beste in die land is?

---

### HANS

Hans Oosthuizen het aan die landswye redenaarskompetisie van die A.T.K.V. deelgeneem en met groot eer uit die stryd getree. Deur 'n tweede plek in die Noord-Transvaalse uitdunne te behaal, het hy deurgedring na die finale ronde op 27 September, met deelnemers van oor die hele Republiek!

Ook hier is Affies se naam hoog gehou. Met die bekendmaking van die uitslag het dit miskien as 'n verrassing gekom toe Hans se naam nie onder die eerste drie verskyn het nie, maar is hy wel onder die eerste ses geplaas. In ag genome dat hierdie die beste redenaars in die land is, is Hans s'n sommer 'n blink prestasie waarop Affies met reg trots kan wees.


● Reistasse (groot verskeidenheid)
● Reissakke
● Inkopiesakke
● Sake-tassies
● Akte-tassies
● Grimeertassies
● Oornag-tassies
● Dames-mode-handsakke

PRETORIA SE IN-DIE-KOL REISTASSPESIALISTE

LUGGAGEWORLD

KOEDOE DEURLOOP, PRETORIUS STRAAT 234, TEL. 3-3476

Leweransiers vir alle koopverenigings



DIE KELDER (EDMS.) BPK.

Affies verkies hulle oudste leweransiers

OMDAT:

● 20% korting vir kontant ontvang word
● Die diens die vriendelikste is
● Die voorraad die grootste is

★ ★

L.W. Ons nuwe adres:
Transvaalhuis,
Vermeulenstraat 286
Pretoria (regoor O.K.)
Foon 2-7070



VIR DESKUNDIGE, FLINKE EN VRIENDELIKE DIENS: KOM NA

BOET READ SPORT

VOLLEDIGE SPORTUITRUSTERS

TEL.: 3-1149
Pretorium-deurloop 11
PRETORIA

# WOLKBERGE HIER KOM ONS!!

**Dit was die gevoel wat tussen ons 32 Affies geheers het op die Matriek<staptoer in September.**

## OP REIS

Ons moes almal 7 uur by die koshuis se hek (Ja, wat sal die skool tog sonder die bekende ou koshuishek doen) bymekaar kom. As 'n mens so na al die bagasie gekyk het, het dit gelyk asof ons op 'n toer van 4 maande gaan. Dit was slaapsakke, kartondose, sakke en tasse (Verbeel jou, tasse op 'n staptoer!) Ja-nee party mense kon maar nie die beskawing agterlaat nie.

Na 'n groot gesukkel is al die bagasie gepak — waat weet ek tot nou toe nog nie. Gelukkig was daar darem nog 'n ou sitplekkie vir elke ou toerissie.

Ons wou so graag, vir net een enkele ou wekie van die skool en al sy dinge weg kom, maar nee — toe moes ons nog in 'n skoolbus ry! (Darem luukser)

Eers toe ons die stad uit is het ons die vakansiegees gekry. Toe het ons begin sing en eet.

Ons galante en aantreklike tier het bygedra tot die lekker gees! (Vir die wat nie die toer bygewoon het nie — die tier was ons busbestuurder, Jan).

Ons eerste stop was Potgietersrus, daar het ons die heerlikste oliebolle, tertjies ens. gekoop en moenie die liters koeldrank vergeet nie.

So gepraat van oliebolle — hier was Hildegard die groot sonnebok, sy het alles en almal van die appelkooskonfyt besmeer!

In Pietersburg het ons 'n heerlike middagete genuttig.

Mej. Geldenhuys was vreeslik vrygewig en het vir elkeen R1,00 gegee om kos mee te koop.

Hier, ongelukkig, het ons dit nie almal mooi besef nie, moes ons, ons laaste koeldrankies gekoop het en o, moenie vergeet nie — dit was die laaste wat ons van 'n toilet gesien het.

## AANKOMS

Toe die afdraai pad na die Wolkberge! Die gesig om ons was pragtig, maar glad nie wat ons verwag het nie. Niemand het iets gesê nie, maar ons het almal na die lowergroen klowe gesoek wat aan ons belowe was. Die pad wat ons gery het, het ook bygedra tot die "teleurstelling". Dit was steil en as jy by die venster uitgekyk het, kon jy nie help om maar weer voor jou te kyk nie want die afgrond was baie naby.

Eers toe ons tussen die bome kom het dit weer kalm en rustig in die bus geword.

Met die aankoms by die bosboustasie was dit net:—

"Dink julle ons gaan almal in daai huis pas?"

"Julle gaan nie in die huis slaap nie, julle gaan buite slaap."

"Gmf, ons sal seker veld se kant toe moet stap as ons 'n nood het."

"Natuurlik, hoekom dink julle is daar soveel toiletpapier gekoop."

"Ek moes maar liewer by die huis gebly het."

"Toemaar man, ons lag dit af."

So het dit geklink totdat die bus tot stilstand gekom het.

Ons het uitgepak en nes geskrop.

Nou kon ons eers werklik sien wie al voorheen gekamp het en wie nie. Vebeel jou sit jou slaapsak teen 'n skuinste!

Toe almal eers weer tot bedaring gekom het, en almal terug was van hulle eerste stappies, het die kookspan vir ons kos gemaak.

## PROBLEME

Ons het eers laat die aand geëet aangesien ons nie 'n stoof in die bus kon kry nie!

Die allerbeste was toe ons moes uittrek, aantrek en in die slaapsakke klim. (Julle moet onthou daar was geen elektrisiteit nie en net 'n paar het onthou om flitse saam te neem).

Ag, ja — Hendrine moet mos altyd aan die mooi maak wees. (Verbeel jou, hier moet ek, 10 uur in die aand, in die veld (en dit was k o u d) 'n spieël en 'n flits vashou sodat sy eers kon skoonmaak, opknap en regmaak. (Dis nou aan haar gesiggie). Die nag se stilte was oorweldigend, maar o, tog so rustig — weg van die graas en gejaag van die stad. Ons het dus almal soos klippe (op klippe) geslaap!

## EERSTE DAG

Die wakker word was maar bitterkoud en die gesig was en tande borsel nog kouer.

Ons het geëet — die heerlikste kragpap — die slaapsakke opgerol en alles weer in die bus gelaai.

Ons sou die dag na die waterval gaan soek (ag, ek bedoel ons sou soontoe stap).

Ons het met die bus gery tot waar hy kon gaan en van daar voetgeslaan. Die vallei dóér onder in die berge, aan die onderkant, was te pragtig.

## DIE STAP

Die stap was heerlik, aangesien dit alles afdraand en deur koel woude was. Ons het gestap en nogmaals gestap, oor riviertjies (en die wat nie so mooi kon balanseer nie of dalk 'n klip misgetrap het — deur riviertjies).

Na ons die hele oggend gestap het en nog nie die waterval kon kry nie, het ons maar afgesaal vir middagete:— sardientjies, provita's, sjokolade en koeldrank. Ek dink as ons lank genoeg van sulke middagetes leef sou ons almal rietskraal teruggekeer het!

Baie "teleurgesteld" omdat ons nie die waterval bereik het nie het ons maar teruggestap of sal ons liewer sê terug geploeter.

Amanda (ons noodhulp beampte) was altyd byderhand. Gelukkig het ons nooit van haar slangserum nodig gehad nie, maar wel haar . . . pleisters en salfies! (Ilze was haar beste ondersteuner!)

Omdat ons nie mooi bymekaar geloop het nie, het die onnies, natuurlik, verdwaal, en ons slim oud-Voortrekkers en Girl-guides, het koers gehou.

Dit het toe so gekom, omdat ons maar 'n bietjie lui is en altyd maar die kortpaadjies soek, dat ons 'n baie steil opdraand, hande viervoet — nes mak bobbejane, moes uitklouter.

Ingrid en Olwen het ons met stokke opgetrek en aangemoedig. Hier het arme Ingrid Filter gegly en amper seergekry. Omdat sy nie so lekker gevoel het nie, het ek en mej. Hoon maar saam met hulle agter langs geloop, terwyl die ander soos watse atlete die berg "uitgehardloop" het. Later het mej. Geldenhuys en mej. van Rensburg saam met ons gestap. (-getrek). Die heerlike afdraand wat ons vroeër die dag afgeslenter het, het ons toe baie opdraande, gegee. Almal is toe met die bus terug kamp toe en die tier (so genoem omdat hy 'n "pragtige" tiervel slaapsak gehad het) het die bosbouer se bakkie geleen om ons te kom haal aangesien ons eers heelwat later bo uitgekom het. Toe ons bo kom en terugkyk raai net wat sien ons? Die waterval! Toe het ons mooitjies in die verkeerde rigting gestap.

Die bosbou omie was nie baie daarmee gediend dat ons sy bakkie geleen het nie — maar gelukkig, omdat ons sulke oulike meisies is, het hy ons vergewe, (maar amper het ons saam met die polieste bed opgemaak!) maar hy het VERSTAAN!

Die aand het ons heerlik gesing en geëet. Ons het ook elke aand skriflesing en gebed gehad — hier in die oopte het ons almal nader aan ons Skepper gevoel! Die gewone kampvuurpraatjies het ook gevloei.

Ons het nie te laat gaan slaap nie, want na so 'n dag se stap met die wete dat daar môre weer so 'n stap op jou wag, het ons maar vroeg ingekruip.

Die volgende oggend het van die meisies agtergebly — seer voete en blase ens.!

## DIE MARTELING

Ons het die oggend in die teenoorgestelde rigting gestap en weereens was dit al die pad 90 grade afdraand. Ons het met dié pad meer en mooier dinge gesien. Die watervalle, riviertjies en plantegroei was alte pragtig.

Een van die Bantoebosbouers het saam met ons gestap om te verhoed dat ons weer verdwaal. Hy het ons na 'n groterige oop deel van die rivier geneem waar ons middagete geëet het. Van ons maats het geswem. Baie van hulle en die onnies het hul hare gewas, omdat daar 'n man in die geselskap was, natuurlik!

Die middag se terugtog was dodelik! Dit was op en op en op en flouval en op en op . . .!

Hierdie keer was dit my beurt om krampe te kry en arme mej. Hoon, Amande, Leonora en die Duitse meisie moes beurte maak om my te trek!

By die kamp het almal so te sê beswyk — Hendrina het beswyk nadat sy die rugsak die hele pad 90 grade opdraand moes dra!

## MAGOEBAS-KLOOF

Die volgende oggend is ons sak en pak Tzaneen toe, daar het ons heerlik geëet. Die hotel en steakhouse het soos oases voorgekom. Vandaar is ons toe deur Magoebaskloof toe. Hier was nou regtig die eerste keer die week wat ek gesien het wat ek wou: die broen bome en woude en plante wat so ruig groei! Om by die watervalle en poele te kom moes ons weer eens stap! Natuurlik eers weer die afdraand. Die tweeling en Heloise was mal genoeg om in die vrieskaswater te swem. Ek en Karen was nie lus vir die terugstap nie en toe gooi ons maar duim (dit was darem net 200 treë bus toe). 'n Tannie in 'n Volksie het ons by die bus afgelaai.

Ons wou die aand daar bly, maar dit het te veel gereën, toe ry ons deur Pietersburg toe, waar ons eindelik by 'n karavaan-kamp ons intrek geneem het.

## VOL PRET

Ons sou almal dié aand in die waskamers slaap, maar helfte het in die bus geslaap.

Die badkamers was vir ons soos 'n oase! Ons het ons in die heerlike warm water verlustig en baie kon nie van die honderde spieëls af wegkom nie! Ons het heerlike warm sop en "toasted cheese and tomato" vir aandete gekry.

Die gesingery daai aand was die beste. Veral Heloise en Hendrine se "Piesang-Piesang, Paw-Paw" dit was werklik skreeusnaaks. Raai net — toe wou ons almal (met die bus) inryteater toe gaan. Maar ongelukkig het hulle nie 'n 2de sessie in Pietersburg nie, toe gaan drink ons maar almal by 'n kafee koeldrank. (Toe ons by die kafee aankom was die eienaar net besig om toe te maak — ek wens julle kon sy gesig sien toe hy ons 38 sien!)

## KWAAK

Dié aand was ook die beroemde padda-aand!

Rhoda en ek, wat nooit juis ooghare vir mekaar gehad het nie, het 'n komplot gesmee. Ons het 'n arme weerlose padda by die onnies se kamer gaan ingooi . . .!

Na die chaos wat geheers het was ons nie te gewild nie. Die volgende oggend was dit gelukkig maar weer: "Ag hoe lekker!!" En so het ons week se staptoer geëindig en ons het die lang pad terug Pretoria toe aangedurf.

Margie Ryan.



*Aanstap Rooies!! Mejj. Van Rensburg en Geldenhuys met hulle flukse spannetjie voorlopers besig om met baie energie die eerste skof afdraande af te lê.*

**MATRIEK STAPTOER 1975**

**(Op die wysie van Die Padda wou gaan opsit)**

**Juffrou Geldenhuys neem die matrieks op 'n toer ahum (3x)**
**Maar 'n padda wou toe mos by haar inloer ahum ahum ahum**

**Rhoda en Margie is toe lus vir plesier ahum (3x)**
**hulle wou graag skrik maak met die arme ou dier ahum ahum ahum**

**Hulle sluip toe af na die onnies se kamer (3x)**
**en arriveer by die deur met 'n vreeslike gehamer ahum ahum ahum**

**Juffrou Geldenhuys word wakker van 'n heserig gekwaak ahum (3x)**
**sy skrik haar spierwit en word vreeslik kwaad ahum ahum ahum**

**Juffrou Hoön sê 'sies Rhoda vat uit hierdie ding (3x)**
**ekke gil my dood as hy bo-op my spring ahum ahum ahum**

**Van Rensburg trek net haar kop in haar slaapsak (3x)**
**want 'n padda by haar maats is 'n vreeslike grap ahum ahum ahum**

**Rhoda gooi die padda teen die oorkantste muur (3x)**
**want juffrou Hoön kon die spanning nie langer verduur ahum ahum ahum**

**Die volgende oggend is almal vrek bang (3x)**
**hulle's bang Juffrou Geldenhuys wil hulle ophang ahum ahum ahum**

**Juffrou van Rensburg maak almal toe opgewekker (3x)**
**en die episode sluit af met 'n AG HOE LEKKER !!!!! ahum ahum ahum**

**H. DE WIT**

*Met komplimente van*

**Robert Koch**
**Apteek**

* * * * *

Vir vriendelike en flinke diens

* * * * *

**Pretoriusstraat 345**
**Robert Koch-gebou** Tel.: 3-3880

*Met komplimente van*


**Gertie Sacks Modes**

Brooklyn's leading fashion house
*Vir vriendelike en flinke diens*


**78-4885**


Besoek
**GINSBERG'S**
Die familiewinkel vir al u benodigdhede
Bronkhorststraat 219,
NIEU-MUCKLENEUK TEL: 78-321

# FOTOBEELD '75













## SKOOLPLAAS EN MATRIEK-AFSKEID



Die gasvou en gasheer van die aand. Grotbewoner Leon Nel en sy meisie.







## OPTIMIS GENERIS


In die jaar 81 v.C. het die beroemde Romeinse skrywer, Cicero, die volgende stukkie geskryf.

Numerus, ut dixi, huius generis late et varie diffusus est, sed genus universum, ut tollatur error, brevi circumscribi et definiri potest. Omnes optimates sunt, qui nocentes sunt, natura improbi, furiosi neque malis domestidis impedit.

En in Engels vertaal:

In its numbers, I repeat, this class is spread far and wide and is variously composed. But, to prevent misunderstanding, the whole class can be summed-up and defined in a few words. All are "aristocrats" who are utterly criminal, vicious in destruction, a gang of mad revolutionaries indeed — and not at all embarrassed by home troubles.





## GEVLEUELDE WOORDE

**Daar sit ons nou met ons hare in ons hande. Ons is aan die hare bygesleep omdat daar besluit is om nie hondhaar af te maak nie, toe waai die hare. Dit daar gelaat.**

Hulle maak nou glo ogies in die houtwerksentrum. 'n Geskiedkundige ook aan die skool verbonde, het dit bevestig. Hy is die kêrel wat besluit het om die bottertande uit te trek en gevind het dat dit net mooi die botter op sy brood is. Omdat hy sy mond verby gepraat het is hy nou in die knyp en kan botter nie in sy mond smelt nie. Die botter is egter aan die galg.

'n Bioloog wat lyk en loop asof hy 'n laaistok ingesluk het, het besluit om onder 'n ander man se vinke te skiet, maar die koeël was deur die kerk. Die skoot is hoog deur aangesien hy met 'n hoë visier skiet.

Daar is nie vir spek en boontjies aangeklop by die wiskunde departement nie. Sommige kêrels sukkel om al hulle varkies bymekaar te hou want hulle word glo bevark, maar daar is gevind dat hulle slegs spek geskiet het.

Ek moet ruiterlik erken dat toe ons vir "iemand" wou oogklappe aansit ons beslis 'n verkeerde perd opgeklim het. Ons moes net noustrop trek en koudlei anders sou ons moes riemspring. Hy is eintlik 'n karperd (al hou hulle hom vir 'n handperd wat die hawer verdien al kry hy net strooi en hooikoors. Sporadiese aanvalle van hooikoors veroorsaak dat hy nie altyd in die tuig is nie, maar julle hoef hom nie te vrees nie. Voor die perde horings kry sal hy weer sy baard skeer . . . Die aap is nou al meer as 'n jaar uit die mou, asook die vis wat gevis het vir komplimente.

Daar is twee duifies wat nie altyd sonder gal is nie, veral nie as daar op hulle gevuur word nie (verwys na die biologiese geval). Die twee voëls van eenderse vere is veergewigte — vinkel en koljander. Koljander is egter voëlvry verklaar maar wat, elke nes het sy randeier (om nie eens te praat van randeiers nie) Vinkel is 'n regte kapokhaantjie en glo aan die gesegde dat 'n halwe eier beter is as 'n leë dop. Sekere Afrikaanse onderwysers meen egter dat 'n halwe pint nog die beste is.

Die wetenskaplikes is pens en pootjies in die sop. Dit is glo 'n gewigtige saak. Hulle het die beste(r) kromhoutsop gedrink en wil nou net 'n massavertoning lewer. Hulle glo 'n verandering van spyse gee eetlus en het die volgende slagspreuk "Gou by die bak, lui by die vak".

Ons is na die hoof vir kommentaar, maar so waar as padda manel dra hy wou nie eens kwik of kwak sê nie.

# REDAKSIONEEL:

## TOT SIENS '75

**Nou met die uitgawe van ons Stroom-op vir 1975 het dit weer eens tyd geword om tot siens te sê.**

Eerstens moet die 1975 Stroom-op redaksie groet. Hierdie jaar het Stroom-op merkbaar verbeter en is dit besig om 'n baie oulike skoolblaadjie te word. Daar is baie beter samewerking tussen die twee skole se redaksies verkry en sodoende kon ons met ons gesamentlike pogings die beeld van Stroom-op verbeter het en dit met trots uitdra. Baie dankie aan die ou redaksie vir hulle hulp en harde werk asook aan mev. Rademeyer. Aan die nuwe redaksie wens ons alle sterkte toe vir 1976, maak van Stroom-op 'n puik blad en hou die samewerking tussen die twee skole so sterk.

Dan wil ek as een van die matrieks van 1975 tot siens sê aan A.H.M.P. In st. 6 het ons as gedeeltelik gevormde klei in Affies ingestap. Hier is ons met kenmerkende pottebakkersvernuf gedruk en geknie om gevorm te word. Hier stap ons dan ook uit as perfek gevormde beelde die toekoms tegemoet om dan hierdie beeld met trots te dra en aan die buitewêreld te toon. Met trots sal ons kan sê ons is Affies.


Baie dankie aan almal wat ons help vorm het — onderwysers, leerlinge. Grootliks die onderwysers en die hoof. Aan juffrou Holtzhausen moet ons veral dankie sê dat sy ons tot vrou opgevoed het. Met haar as voorbeeld en met haar wêreld kennis as leiding het sy ons versigtig, tree vir tree, na grootword gelei. Baie dankie daarvoor.

Aan almal wat 'n aandeel in ons laaste vyf jaar van skool gehad het en veral in hierdie laaste jaar, wil ons sê dankie vir die geduld, opoffering en moeite — dit was alles die moeite werd.

Aan die einde van hierdie jaar sal ons met trots uitstap universiteit toe, na ons werk toe of waar ons ook al gaan en sal ons met die Affie stempel op ons gedruk, ons sonder skaamte aan die wêreld toon.

Aan al die matrieks wat op die drumpel van die eksamen staan — alles van die beste vir die toekoms en vergeet nooit ons leuse nie — EK SIEN HAAR WEN!

Redaktrise
Hendrine de Wit



# DIE CLARENCE EKSPEDISIE

**Miskien het daar nog iewers 'n geheime vresie of snik in 'n donker hoekie van 'n hart geskuil, maar met genoeg bravade het die twee kombi's wydsbeen by die skoolhek uitgewaggel . . . na ons hoof se heiligdom. (Waar's die heiligheid, nou?!)**

Die reis was sonder voorval, behalwe met die geel kombi wat slegs die Vrystaatse en Transvaalse steiltes met juf. Bouwer se aanmoediging wou pak.

Ons word volledig ingelig aangaande slotte wat 'n neiging het om gesluit te bly. Dus, toets jy so drie maal terwyl jy in die badkamer is of jy nog nie vassit nie.

Na 'n heerlike ontbyt, besluit ons om Golden Gate te besoek en daar te gaan vleis braai. Eers klouter ons die kranse soos bobbejane uit en probeer Affies se nuwe kreet. — (On)gelukkig veroorsaak ons geen rotsstortings nie.

Tyd vir aandete. Fondue word vir ons voorgesit. Ongelukkig breek 'n brand uit en die dapper Affies (en juf. Bouwer) blus die vlamme met 'n gietertjie wat ses straaltjies in sewe rigtings spuit. Die ete het vorentoe gesmaak.

Die naweek was heerlik, behalwe natuurlik vir enkele gevalle soos vergete nagklere en 'n tipe maaggriep wat skielik sy kop uitgesteek het.

Ons kan net baie dankie sê, juffrou Holtzhausen, juffrou Bouwer en juffrou Hönck. Juffrou Holtzhausen glo ons vry, u huis sal nooit weer dieselfde wees nie.

St. 9 — Latiniste.

# GELUK AAN DAWN ONS FAKKELDRAER

Daar is hierdie jaar in Transvaal tien Presidentsverkenners gekies waarvan twee Affies was. Hierdie twee, Dawn van Niekerk en Carl Rossouw is gekies as verteenwoordigers van die Transvaalse Voortrekkers om twee van die Taalfeesfakkels by die opening van die Taalmonument te oorhandig. Donderdagoggend, 9 Oktober, het hulle per vliegtuig Paarl toe vertrek om daar die feesverrigtinge by te woon. Vrydagaand, voor min. Vorster sy toespraak gelewer het, het agt verkenners, twee uit elke provinsie, die fakkels wat deur verskeie groepe oor die hele land gedra is, aan die agt nasate van die stigters van die G.R.A. oorhandig. Dawn het die G.S. du Toit-fakkel en Carl die C.P. Hoogenhoud-fakkel oorhandig. Na die Eerste Minister se toespraak het hierdie agt nasate die sentrale fakkel by die monument aangesteek om die lig van ons taal voort te laat brand.

Baie geluk aan Dawn en Carl wat hierdie groot eer te beurt geval het en ons twee skole se naam hoog gehou het tot daar ver in die Kaap.

G.v.Z.

**GESEËNDE KERSFEES AAN ALMAL TOEGEWENS**

# DIE LATINISTE MIK VÊ--ÊR

Het jy al ooit gehoor
van mense wat hul kop verloor
wel hier is ons 20 in 'n ry
reg om al die klagtes te bely.

Hasie wollerig en rond
Baadjies gehekel en pompoms gemaak
Kan hy in enige slaapkamer aard,
Ag my moeder, hy's te fraai
Kom laat hy jou arm draai.
Het jy al ooit so 'n lange wors
Sien uitkruip uit 'n stukkie brood?
Hap hy deur die lekker kors
Binne is tamatiesous gemors
Knaag jy verder en sonder ophou,
Vind jy uit jou nood is groot
Dit hap, dit sluk, dit knaag en kou,
Jy wens jy kon jou eetlus dood.
O nee, jy is 'n poets gebak,
Die hot-dog het jou in sy sak.

Ja, Affies, ons gaan oorsee,
Hulle sê dis 'n studietoer.
Maar dan moet ons ons litte roer
want as 'n mens wil kyk en loer
moet jou hand kort-kort in jou beursie boer.
Die beursie raak maar stadig vol
In geld sal ons sowaar nooit nie rol.
Dit kom met teelepels in en gaan met skopgrawe uit,
Want sowaar, inflasie eis ook sy buit.

Bottels hier en bottels daar
bottels sommer deurmekaar.
Ons maak hul almal bymekaar.
Al klink dit ook hoe snaaks en raar
Ons word betaal vir een ton glas.
Dit klink 'n grote hoop
Maar voordat jy jou oë uitwas
het ons al klaar 'n ton verkoop.

"Geld" is die taal van die wêreld en dit is daarom dat almal daarna streef. As mens geld insamel doen jy partykeer snaakse goed soos om melkproppies bymekaar te maak of jy versamel koerante en tydskrifte, of jy maak kerskaartjies en honderde plakkate en hou 'n modeparade.

Dit klink alles vreeslik maklik, maar moenie glo nie, hulle sê die mens se hand gaan deesdae so moeilik na sy beursie dat dit makliker is om 'n piesang dwars te eet.

Een Saterdagoggend het ons vol moed stad toe vertrek om kaartjies vir ons modeparade te verkoop, nogal spesiale kaartjies ook. Na die tyd wonder mens of Pretoria nie miskien sy welbekende reputasie van snobisme waardig is nie.

60 persent van die publiek is natuurlik doof, blind en sonder enige verstand want al staan mens ook op jou kop en sing Sarie Marias kan mens op geen denkbare wyse hulle aandag verkry nie. Ek het altyd gedink dit is net 'n meisie in haar liefde verlaat wie se verstand toeslaan.

As ons warmbrakke maak is dit glad nie snaaks as 'n hele skottel tamatiesous sommer skielik op jou omval nie, of as al tien vingers gelyk verbrand is

As dit by die verkopery kom, kom daar sommer baie keer sulke kort, vet vingers of selfs lang, slanke vingers, hulle tussen die brood, botter, tamatiesous, mostert en rooiworsies indruk.

Affies verdra die Latynklas tog groot 'seblief.
Ek weet hulle neul en kekkel en raas
Ek weet hulle word van jou beursie die baas
Maar moedhou en aanhou
Want een van die dae is ons ver oor die see
En vir wie gaan julle dan jul sakgeld gee?

Valete puellae puerique
Ame Jooste.

# 'N TAALTOER ONDERNEEM IN KAAPLAND

**Wanneer 'n mens aan die einde van 'n onvergeetlike ervaring gekom het verwonder jy jou oor die intensiteit waarmee jy in die bestek van enkele dae geleef het. Ek sal nooit die volle betekenis van die toer op papier kan weer gee nie . . . Ek kan net probeer om in breë trekke die verloop daarvan te skets.**

Ek en Riekie Lombard het ons skool verteenwoordig. Daar was ongeveer 54 senior leerlinge van Hoërskole in Pretoria, Johannesburg en die Witwatersrand wat die toer meegemaak het. Oom Natie van Vuuren was die Taaltoerleier en hy het hom uitstekend van sy taak gekwyt.

Namakwaland was onvergeetlik. Ons kon nie genoeg kry van die plate oranje en geel blomme wat soos goudspatsels op die andersins dorre veld gelê het nie. Nababeep was 'n onwerklike dorpie tussen klipkoppies en Namakwalandse daisies. Clanwilliam is 'n klein juweel wat tussen die voue van die Sederberge nestel. Hierdie kruieveld van Louis Leipoldt en dokter Nortier (Ou dokter) het ons harte gesteel. Piketberg sal ons onthou as 'n bondel wit huisies teen 'n swart berg met 'n wit kerk en breë strate. Tulbagh se gerestoureerde huisies was onvergeetlik. In Kaapstad het ons Kirstenbosch besoek. By dr. P.J. Schoeman het ons die drade van baie jare se wildbewaarderromantiek opgetel en by W.A. de Klerk se huis op Saffier, sy plaas in die Klein Drakenstein, het ons ertjiesop met Vaaljapie geëet. I.D. du Plessis het ons weggevoer met sy vertellinge en lewendige liefde vir die Kaapse Maleier. Ons het 'n draai gegooi by Oudtshoorn, daardie skilderagtige dorp van C.J. Langenhoven.

By "Kom Nader", die huis van M.E.R. het ons stil geword. Sy was toe reeds ernstig siek en ons kon haar nie sien nie, maar haar dogter, die ewe bekende Juffrou Anna Rothmann het ons vriendelik ontvang. In Bloemfontein het ons die Afrikaanse Letterkunde museum besoek. Met sy lewendige lesings oor die skryfkuns, veral die skryf van die drama, het Prof. Gerhard Beukes ons aandag vasgevang en 'n sprankie hoop is in baie van ons se harte gebore . . .

Op "De Aap" het ons die voorreg geniet om met Oom Blackie en sy vriendelike, klein vroutjie kennis te maak.

Ons laaste aand saam op Brandfort was ons stillerig: ons het lief geword vir mekaar in die loop van die toer . . . terug in Pretoria was ons borrellend van nuus maar tog ook hartseer omdat ons moes afskeid neem, nie net van ons nuwe vriende nie, maar ook van 'n unieke ondervinding. Voortaan egter sal ons hierdie twee weke soos 'n kosbare kleinood in ons harte bewaar.

Ons het die goue draad van ons taal tussen die blou berge van die Kaap gaan optel om dit te hou . . . Ons sal nooit ons Afrikaanse Taal verloën of vergeet nie.

Lianda Beyers en RIEKIE

**HEIMAT**

Vir LEERBAADJIES EN JASSE
(vir dames sowel as mans)

ook SKAAPVELBAADJIES, PANTOFFELS, KARSITPLEKKE, MOFFIES EN MUSSE

**Steynsdeurloop 16**
**Schoemanstraat**
**Foon: 3-1499**

**BEAD CENTRE**

Your Exclusive
Junk Shop!!

2 Steyns Arcade
Schoeman Street

GORDYNE BY


**OLINCO**


**Kom kies uit 'n verskeidenheid, puik gehalte gordyne**

Pretoriusstraat
STAD

Michael Brinkstr.
(h/v. Voortrekkerstr.)
GEZINA

Esselenstraat 340,
(h/v Bourkestr.)
SUNNYSIDE.






# FORUM '75

## WAT AFFIES, AFFIES MAAK

**Wanneer 'n mens aan die einde van jou skoolloopbaan kom is dit miskien goed om terug te kyk op dit wat verby is. In besonder die laaste vyf jaar nl. die jare wat jy op Affies deurgebring het.**

Affies is 'n besondere en bekende skool. Wanneer jy in st. 6 hier kom is jy skrikkerig en weet nie mooi wat om te verwag nie. Gaandeweg raak jy tuis en wanneer jy jou voete gevind het begin jy rondkyk. In st. 6 word jy deur alles en nog wat beïndruk. Affies blyk perfek te wees. Namate jy ouer word en meer verstand kry sien jy al hoe meer tekortkominge van die skool raak. Verder sien jy ook waarom Affies so 'n besondere skool is. Die rede is, dit kom jy hier teen die einde van st. 9 agter, dat die leerlinge hul bes probeer om hierdie tekortkominge reg te stel. Die tradisie van die skool, die besondere verhouding tussen die personeel en leerlinge, die kameraadskap tussen die leerlinge en die sportmangees van die skool is alles dinge wat van Affies so 'n unieke skool maak.

Wat Affies verder onderskei van ander skole is die groot aandeel wat die leerlinge in die bestuur en organisasies van die skool het. Op elke gebied bied hierdie skool vir elke leerling ontelbare geleenthede. Min skole kan spog met so 'n atletiekspan, landloopspan, twee swemspanne, twee waterpolospanne, twintig rugbyspanne, vier krieketspanne, twaalf tennisspanne ens. as wat Affies het. Dit bied aan elke Affie die geleentheid om hom op sportgebied uit te leef. Op kulturele gebied is daar die debatsbesture, 'n historievereniging, Stroom-op redaksie, drie skaakspanne, twee orkeste, 'n koor en 'n fotografieklub om net 'n paar te noem. Ook op leiersgebied is daar die prefekteraad, leerlingraad, biblioteekprefekte, voorsitters van die verskeie klubs en verenigings en so meer. Hierdie gemoedheid van die leerlinge met die skool maak van Affies wat hy is.

Om Affies te hou waar hy is, is 'n moeilike taak. Om hom verder uit te bou vereis dat elke leerling net sy heel beste moet lewer. Net as elke leerling die geleenthede wat na sy kant toe kom benut en na die beste van sy vermoë uitvoer kan Affies nog verder uitgebou word. In die proses sal nie net Affies verbeter word nie, maar jy sal 'n ryper persoon word met meer lewenservaring. Jy sal gouer volwassenheid bereik en verantwoordelikheid kan aanvaar. Sodoende sal jy wanneer jy uit matriek gaan nie bang hoef te wees vir die toekoms nie.

Daarom — gebruik die geleenthede wat Affies jou bied en voer alles na die beste van jou vermoë uit. Deur dit te doen sal Affies vooruitgaan en indirek sal jyself ook daarby baat.

Stephen de la Harpe — Redakteur

# BRIEWE

## Meer Stroom-oppe

Geagte Redaksie,

Ek wil graag u aandag vestig op 'n saak wat 'n tydjie gelede aan ons as skool voorgelê is, naamlik of die "Stroom-op" nie meer dikwels behoort te verskyn nie. As die reaksie van die standerd neges en in besonder die van nege A as die opinie van die skool beskou word, dan is dit beslis vir julle 'n aanmoediging om met die saak voort te gaan.

Sekerlik 90 persent van die leerlinge sal bereid wees om meer te betaal indien die "Stroom-op" meer dikwels verskyn, veral 'n uitgawe vir die middel van die termyn wat sal meehelp dat die nuus wat daarin verskyn vars is en dus meer belangstelling behoort te wek.

Alhoewel die "Strop" 'n verbetering is wat dit betref, word dit nie waardeer nie omdat dit partymaal meer die vorm van 'n nuusbrief as iets anders inneem.

Daarom sal 2 uitgawes van "Stroom-op" per termyn wat ook iets anders as net sake m.b.t. die skool bevat, die onnodige publikasie van die "Strop" uitskakel.

Die uwe,
Rean Botha.

**Sien "Strop" 18 Julie 1975 — Red.**

## Tradisie in Matrieks se hande

Geagte Redaksie,

Daar word so baie gedoen aan tradisie opbou en tog word daar so baie gedoen om tradisie af te breek.

Hiermee verwys ek na die aktiwiteit wat Banke skuur genoem word. Gerald Ford, Amerikaanse President was onlangs terug na sy ou skool om te sien of sy naam nog op sy bank uitgegrafeer was, dit was toe nog daar.

Dit is tradisie wanneer jy al jare lank uit die skool is en jy spesifieke tradisies of gebruike pertinent onthou.

As ons mooi kyk, is daar op die oomblik nie juis veel tradisie op Affies nie, dit is hoekom daar so baie tradisie veldtogte is. Dit is die plig van die matrieks, as "regerende skolier groep" om toe te sien dat tradisies gehandhaaf word, en waar ou tradisies gekwyn het, moet hulle dié tradisies weer in gebruik bring en streng sorg dat die hele skool hulle nakom.

Die matrieks moet meer bewus wees van die feit dat hulle patrieks is, die groep waarna juniors opsien as die manne van die skool, die groep waarvan hulle gaan sê "Onthou julle nog daardie groep" . . . Die matrieks moet sorg dat die woorde wat daardie gesegde volg gunstig sal wees.

Om Affies se gees reg te kry, want dit is op die oomblik power, moet daar bo begin word en ondertoe gewerk word.

Ek vertrou dat daar aandag aan gegee sal word.

Michael van der Nest

**Waar gaan jy die streep trek tussen vandalisme en jou sogenaamde tradisie opbou? — Red.**

## Swak sang

Geagte Redakteur,

Daar is in die loop van hierdie jaar reeds baie gedoen om ons saalfunksies te verbeter. Daarvoor het ons dan ook hoë waardering. Tog is daar een saak wat my dwars in die krop steek. Dit is die swak sang van al die leerlinge. Selfs wanneer ons die Volkslied sing is slegs 'n onduidelike gemompel hoorbaar. Die sing van die Psalms en Gesange is om die minste te sê pateties. Kan daar nie iets omtrent hierdie saak gedoen word nie.

Kan ons nie miskien 'n paar periodes in die eerste termyn van volgende jaar afstaan om ons sang te verbeter nie?

## "Varsity ous"

Geagte Redakteur,

Die 148 meisies van die meisieskool na ons matriekafskeid vergelyk nogal goed met die skamele 12 Affies na hulle afskeid. Miskien is dit te wyte aan die feit dat Meisies minderwaardig sal voel as hulle met 'n skooloutjie daar aankom in plaas van 'n lekker "varsity" ou. (Veral die mediese studente) of

b) Dat soos een ou dit uitgedruk het "mens moet baie lief wees vir 'n meisie voor jy saam met haar na die meisieskool se afskeid sal gaan.

Ek wil net my innige meegevoel betuig met die Affies wat moes terugstaan vir "varsity" ouens.

Skoolseuntjie.

## AFSKEID ESKAPADES

Geagte Redakteur,

Die kroon op die jaar se bedrywighede was die matriekafskeid. Ek wil vir almal wat hiermee gehelp het, baie dankie sê. Dit was werklik 'n fees.

Die manne het voor die tyd eers gaan eet en? Daar was veral 'n klomp Affies by the Water Falls — en ek kan net sê die manne het hulle baie goed gedra. (Ek dink hulle het vir 'n bloedtoets by die deure gevrees). Baie kan oor die afskeid gesê word. Party ouens het gedans asof daar 'n prys op die spel was. (Veral Pieter Pike en Tande Weideman het die oog gevang). Dan was daar ook die stil sterk tipe gewees soos Troski de Beer en Bernard van der Bergh. 'n Paar onnies het ook later die dans tegniek probeer aanleer. Die pogings wat die meeste aandag getrek het was die van mnre. Bosman en Butler. (Hulle het egter nie baie sukses behaal nie).

Ek wil dan net vir die matrieks van 1976 sê, probeer dieselfde hoogtes bereik as die matrieks van 1975. Dan sal dit met julle goed gaan.

Piet Vis 10F.

## My ou Alma Mater

Geagte Redakteur,

Wanneer ek op 26 November 1975 in die saal sit, en 'n stem daar voor iewers sê "die tyd is verstreke", en die ou kerkklok slaan sy 10 slae sal ek weet: dit was tog alles die moeite werd.

Dan is dit die einde van nog 'n jaar. Die einde van nog 'n klompie Affiematrieks. Die oes staan gereed om gepluk te word — want daar is gesaai en die sade het in die teelaarde van 'n gees wat honger was daarvoor, geval. Dit het aangewas en vermenigvuldig tot 'n goue oes, wat weer saad skiet vir ander akkers.

Op Affies het ek ryp geword — want dit was vir my 'n lewenswyse.

Baie dankie daarvoor — Jy sal my altyd bybly.

"Ons bring jou ons hulde. Jou lig sal ons dra tot vêr oor ons wye Suid-Afrika."

Piet Vis. 10F.

## MATRIEKS '75

Geagte Redakteur,

Met die verloop van die jaar is die matrieks se gees opgebou sodat dit aan die einde van die jaar hoog gevlam het.

Ek kan verskeie hoogtepunte uitsonder. Eerstens die matriek rugbyspan. Die onoorwonne span het 'n trotse rekord opgebou, en het baie bygedra tot die algemene gees. Dan kan ek ook nie nalaat om van die matriek hokkiespan melding te maak nie. Die span het altyd gesorg vir opwinding van en op die veld. Sakkie van Heerden en Anton van Niekerk het net voor die aanvang van die reuse stryd die toeskouers vermaak met 'n eiergooiery. Sakkie het veral swaar geleef. Die bewyse was nog die volgende dag op sy kop te sien. (Een troos: eiers sit groeikrag in hare). In hierdie titaniese wedstryd het die matrieks die meisies oortuigend verneder in 'n vernietigende wedstryd.

Dan moet ek ook die matriek krieketspan gelukwens met hul weghol oorwinning oor 'n baie onervare onderwyserspan. Die matrieks het werklik kat en muis met die onnies gespeel. Die matrieks het gepoog om die wedstryd so interessant as moontlik te hou en die onnies 'n kans te gun. Om uitblinkers aan albei kante uit te sonder sal baie moeilik wees, om die rede dat die matrieks 11 uitblinkers gehad het, en die onnies geen. As ek uitblinkers moet uitsonder, dan is dit die ware kapteins beurt wat mnr. Bosman gespeel het. (Hy het egter later moeg - (lui) - geword daarvoor).

Mnr. Langley het dan ook sy spoed probeer gebruik om die grenshoue af te sny.

Lentedag was weereens 'n hoogtepunt. Eers is daar blomme deur die st. 6 aan die matrieks "geskenk". Daarna het die matrieks daardie beroemde ou toneelstukkie van die drie varkies opgevoer. Die toneelstuk is egter gemoderniseer om by plaaslike toestande aan te pas. Die een varkie het 'n vark gebly. Die tweede varkie is verander na 'n perd en die derde na 'n half-pint "tiger" melk. Pouse is daar by die meisieskool gaan "serenade". Op daardie oomblik het die manne ook vir my breër en sterker gelyk. Philiph Viljoen kon na niks anders as sy beenspiere kyk nie. Harry Brönn se borsmaat het met maklik 5 duim vergroot. Japie Heyberg het met alle mag en krag sy hare oor sy ore probeer kry. Na die uitstappie is daar eers gaan "staak" op die pawiljoen. Baie planne is gemaak om die staking so lank as moontlik te rek. In die pogings was veral Sarel Bekker se stem baie prominent. Die staking was egter van kortstondige duur, vanweë stappe deur die onnies.

# POT POURI

## EXAM HOWLERS

1. ROBERT LOUIS STEVENSON got married and went on his honeymoon. It was then he wrote "Travels with a Donkey".
2. SHAKESPEARE was born in the year 1564, supposedly on his birthday. The two Shakespearian plays I read were "Romeo" and "Juliet".
3. MILTON wrote "Paradise Lost"; then his wife died and he wrote "Paradise Regained".
4. SHAKESPEARE wrote tragedies, comedies and errors.
5. There are three kinds of poetry — lyric, dramatic and epidemic.
6. Name three tragedies by Shakespeare: "Macbeth", "King Lear",

*EXAM HOWLERS*

1. ROBERT LOUIS STEVENSON got married and went on his honeymoon. It was then he wrote "Travels with a Donkey".
2. SHAKESPEARE was born in the year 1564, supposedly on his birthday. The two Shakespearian plays I read were "Romeo" and "Juliet"
3. MILTON wrote "Paradise Lost"; then his wife died and he wrote "Paradise Regained".
4. SHAKESPEARE wrote tragedies, comedies and errors.
5. There are three kinds of poetry — lyric, dramatic and epidemic.
6. Name three tragedies by Shakespeare: "Macbeth", "King Lear", and "Twelve Nihgts in a Bar Room."
7. Under what circumstances does the fourth act of "Hamlet" begin? It commences immediately after the third.
8. The future tense of "I give" is "You take".
9. Degrees of comparison of "bad"; Bad: Very sick: Dead.
10. Who signed the Magna Carta? — Ididn't!
11. BENJAMIN FRANKLIN died in 1790, and is still dead.
12. Watchword for the French Revolution: Liberty, Equality and Maternity.
13. Give King Alfred's views on modern life had he been alive today: If Alfred had survived to the present day, he would be such an exceedingly old man that his views on any subject would be quite worthless.
14. Where was the Declaration of Independence signed? At the bottom.
15. To keep milk from turning sour, you should keep it in the coe.
16. A man has x miles to ravel. He goes A miles by train, B miles by boat, and C miles he walks. The rest he cycles. How far does he cycle? d, e, f, g, h, i, j, k, l, m, n, o, p, q, r, s, t, u, v miles.
17. Parallel lines never meet unless you bend one or both of them.
18. A circle is a line of no depth running around a dot for ever.
19. To stop nosebleed, stand on your head till your heart stops beat.
20. Respiration is a handy thing to know how to do especially if you live far from a doctor.
21. How long did Solomon reign? Forty days and forty nights.
22. King David was killed by Uriah Heep, the husband of Queen of Sheba.
23. The wife of a duke is a ducky.
24. What is the chief cause of divorce? Marriage.
25. It was a very cold day. The feet of the arm of the law were frozen.
26. Correct into the right tense: "The toast was drank in silence". Correction: The toast was eaten in silence.
27. Tell all you know about Keats: I don't know anything. I don't even know what they are.

From: "The Pocket Book of Boners."

## DEFINITIONS

A MAN is an animal split half way up and who walks on the split end.
A COMPLIMENT is when you say something to another which he and we know is not true.
A GRASS WIDOW is the wife of a vegetarian.
GRAVITY is what you get when you eat too much and too fast.
A SKELETON is a man with his inside out and his outside off.
A SPINSTER is ' bachelor's wife.
TRANSPARENT means something you can see through, for instance a keyhole.
ETIQUETTE is little things you do that you don't want to do.
AN ADULT is a man who has stopped growing at both ends but not in the middle.
STRATEGY is when you don't let the enemy know that you are out of ammunition, but keep on firing.

Geagte Redaksie,

Ons Affies roem mos op ons TRADISIE, nie waar nie? Wat is besig om daarvan te word? Op die 3de Oktober van hierdie jaar het daar 'n drastiese wending in ons jarelange, vasgeburgerde tradisie gekom.

Vir die eerste keer word die matrieks die voorreg ontneem om, vroeër as sluitingstyd, die skool te verlaat om hulle druk opknappingsprogram voor die afskeid deur te draf. Met 'n skok moes ons verneem dat die vooraf beloofde toestemming (deur 'n hoë gesag nogal) om twaalfuur uit te kom, ons skielik ontsê is.

Heelwat haarbestellings moes gekanselleer of uitgestel word en baie ongerief moes verduur word, aangesien ons stiptelik om 13h40 by die skoolhekke uitgestap het.

Waarom mag in alle vorige matriekjare die matrieks vroeër uitgekom het, verlede jaar 12h00, en ons word die voorreg ontsê? Ons sal graag dat almal oor dieselfde kam geskeer word en daar nie skielik 'n uitsondering gemaak word nie.

Matrieks van volgende jaar, ons hou duimvas dat julle nie ook jul voorreg moet verbeur nie.

'n Baie ontstoke Matriek

**Sê dankie vir die swemdag. — Red.**

Geagte Redaksie,

Ek is oortuig daarvan dat daar talle van ons Affinas belangstel in fotografie. Die moontlikheid dat ons ons kennis daaroor kan uitbrei is egter gering aangesien daar nog nooit 'n fotografieklub, soos by die seunskool, in die lewe geroep is nie.

Daagliks gaan daar ook talle gebeurtenisse onopgemerk verby — Ons kan dit mos verhoed deur 'n klub te stig wat sulke gebeurtenisse op foto's vaslê. Hierdie foto's kan weer in Stroom-op verskyn en so kan ons dan ook van ons kant help om die blad se gehalte verder te verbeter.

Wat dink die ander van die voorstel?

I. Jonck.

**'n Goeie idee — Red.**

Geagte Redaktrise,

Net 'n kort briefie om u in kennis te stel dat Affies hul eie parfuum vervaardig. Ongelukkig is die resultate nie so suksesvol nie.

Ons loop al die afgelope paar maande verby 'n plek waaruit die onuithoudbaarste reuk denkbaar kom. Oor die telefoon, net daar langsaan, kan ons in plaas van "kan jy my hoor?" eerder "kan jy my ruik'33 sê.

Ongelukkig is daar nog geen pogings aangewend om die reuke te demp nie. Die Affies vra of die owerhede nie asseblief die probleem onder hande sal neem (miskien onder neus) en die deurgang na die klasse weer reukvry maak nie? — Ons sal baie dankbaar wees want wasgoedpennetjies raak ook duurder!

E.d.L.



**Juffrou Holtzhausen op haar verjaarsdag net voordat sy deur blomme en matrieks 'oorval' is — (ons hoop dis 'n mooi jaar wat voorlê.**

Geagte Redaksie,

Ek ag dit my plig as lojale koshuisburger om te protesteer teen die feit dat ons geen privaatheid meer hier op ons terrein het nie.

Die afgelope tyd het ons bewus geword van 'n snaakse spesie wat hier rondsluip. Asof hulle blote teenwoordigheid nie ontstellend genoeg is nie, bemerk ons ook tekens van terrorisasie.

Ons ag dit raadsaam om die spesie te waarsku teen moontlike landmyne om en by die swembad.

"Privaatheid geskend."

**Koshuisous wees gewaarsku — Red.**

### A.H.M. SE ONDERWYSERES-FLIEK- EN TV-PARADE

**Juf. Holtzhauzen:** 007.
**Mev. Boardmann:** Window to the Sky
**Juf. Hönck:** The Tempest
**Juf. Muller:** The Great Gatsby
**Mev. van den Heever:** Ma skryf Matriek
**Mev. van Schalkwyk:** Die wit Sluier
**Mev. Hartmann:** Earthquake!
**Mev. Bezuidenhout:** Gold
**Mev. Biermann:** Mame
**Mev. Senekal:** Idi Amin
**Mev. Rademeyer:** My Fair Lady
**Mev. van Graan:** Ape, Super Ape
**Mev. Van Dyk:** Somer
**Mev. du Toit (Eng.):** The Return of the Pink Panther
**Mev. Van Warmeloo:** Tant Ralie se Losieshuis (koshuis)
**Mev. Wilkens:** Hoor my Lied
**Mev. Kruger:** The Sound of Music
**Mev. Erasmus:** Ipi Tombi
**Juf. Weiss:** Heintje
**Juf. Steyn:** Môre, Môre
**Juf. Bothma:** Tarzan of the Apes (Knie-diep)
**Juf. v. Rensburg:** Breakout!
**Juf. Geldenhuys:** My naam is Dingetjie
**Juf. Hoon:** E'Lollipop
**Mev. Nel:** The Eye of the Beholder
**Juf. Pretorius:** Alice in Wonderland
**Juf. Coetzee:** Watch out we're mad.

I en F en H

**Aangesien 1975 'n jaar van rekords is (was?), is nog iets besig om te gebeur wat nog nooit gebeur het nie en nooit weer sal gebeur nie — die skool word opgeknap vir die nageslag:**

Die saal het 'n nuwe skerm gekry, die gordyne is elektronies aangedrewe, snoepies het nuwe voorrade, ons gaan weer afskeid neem van Juffrou Henrico en nog vele meer opwindende veranderings soos die skool wat uitgeverf en herbou word.

Aangesien elke goeie saak slegte kante ook het, is dit hierdie keer ook die geval: die karakteristieke rankplante word van die mure verwyder en sal weer vyftig jaar neem om te kom waar hulle was.

Dis goed dat hulle nou besluit het om die skool skoon te maak want volgende jaar, as hulle nie dan nog besig is nie, sal die pryse verdubbel wees.

Ons almal sien daarna uit om te sien hoe ons "nuwe" skool sal lyk.

Verouderde Matriek

**JANSSEN'S SLAGTERY**
- Alleen 'Super' graad.
- Tuisgemaakte kouevleis.
- Vleis in groot maat.

**Brooklyn Plaza**
**Felitsenstraat**
**Tel.: 78-2729**

Met komplimente van
**WATERKLOOF APTEEK**
**Brooklyn Plaza**
**Fewsonstraat**

**BRITE-LITE**
**Speelgoed, stokperdjies en alle ysterware**
**Fehrsenstraat 547**
**Brooklyn**
**Tel.: 78-5250**

**BROOKLYN BOOKS AND GIFTS**
Specialize in STATIONERY, TOYS AND GIFTS
**417b Vatica Centre**
**Brooklyn Circle**

**DIE KELDER**
**(Edms.) Bpk.**
Affies verkies hulle oudste leweransiers omdat:
- 20% korting vir kontant
- die diens die vriendelikste
- die voorraad die grootste

**Transvaalhuis**
**Vermeulenstraat 286**
**Pretoria (regoor O.K.)**
**Tel.: 2-7070**



**SUPERTRAMP JEAN'S BAR: (Lynnwoodrifsentrum) Verkopers van Tienerdrag in die nuutste modes. Make soos die volgende word verkoop:**
**Gap; Wevi; Lee; Teeny-Tages; Rammles; Ego Creations.**
**Groot voorrade van klinknaelbroeke; langbroeke, "tops"; baadjies ens.**
**Al's volgens die nuutste modes!! Skoliere en studente kry spesiale verlaagde afslag!!!!**
**Kom besoek ons gerus!!**
**Tel: 47-1280**

**SUNGLASSES UNLIMITED**
**Sunnypark Sentrum.**

**BROOKLYN ELECTRICAL Co.**
**Uitstekende diens vir al u Elektriese- en Fietsherstelwerk**
**Brooklynsirkel**
**Tel.: 78-4515**

## SPREUKBUIS

**SPREEKBUIS is 'n rubriek waarin skrywers slegs hulle eie menings en standpunte stel. Dit is nie noodwendig die standpunt wat die redaksie oor die betrokke saak huldig nie, en dien slegs as spreekbuis vir persone wat graag hulle mening oor enige saak wil gee.**

# KARATE

## Sport van die Meesters

**Die bul is huiwerig. Senuweeagtig trap hy rond, terwyl hy op 'n veilige afstand die man dophou wat hom met klippe staan en treiter. Die man is slegs geklee in 'n kortbroek. Dit lyk dan so belaglik, dis selfmoord — die man het geen wapens nie!**

Skielik laat die bul sy kop sak en storm met 'n snork van verontwaardiging op sy vyand af. Met sy voete stewig in die grond geplant wag die man die bul met koele vasberadenheid in. Op die laaste oomblik draai hy op sy linkerbeen sodat die bul rakelings teen sy maag verbyskuur. 'n Kort deurdringende gil weergalm teen die omheining van die arena, met 'n geweldige kaphou tref hy die dier agter die kop. Die massiewe dier brul van pyn toe sy regterhoring by die wortel afbreek. Die man neem die vegtershouding van 'n bokser in en dien die logge reus 'n kort sarsie houe met sy kaalvuiste toe. 'n Volgende reeks genadelose houe, laat die dier op sy knieë waggel. Die man gooi sy linkerarm om die dier se nek, trek hom op sy sy en beëindig die dier se lewe met 'n hou op die hart.

'n Slaghuis wat die bul vir dié doel geskenk het, verklaar dat die vleis so voos geslaan was, dat dit onbruikbaar was. Wie is die man, wat 'n bul in drie minute met sy kaalvuiste kan doodmaak? Hoe kry hy dit reg?

Masutatsu Oyama (8ste Dan) het so pas die dodelike kuns van **Karate** gedemonstreer.

Karate is 'n vertakking van die tradisionele selfverdedigingstyl, KUNG FU. 'n Sekere meester Gichin Funakoshi van die Okinawa-eiland in Japan het in 1917 begin om demonstrasies in Karate te gee. Daarom word geglo dat hy die "vader" of "ontwerper" van Karate is. Baie beïndruk deur hierdie demonstrasies het verskeie universiteite en klubs meester Funakoshi genader om hulp en afrigting in dié kuns. Dit lei tot die stigting van die Japanese Karate Assosiasie (J.K.A.) in 1948. Almal wat gekeur is, kon daagliks lesse in Karate ontvang onder toesig van die groot meester. Karate is streng geheim gehou in die Ooste en eers na die verloop van 'n aantal jare het die Weste met die kuns in aanraking gekom.

Karate is op 'n paar basiese beginsels gebaseer, nl. spoed en koördinasie. 'n Persoon wat Karate wil beoefen moet 'n ingebore vegtersinstink hê. en baie hard oefen. Sterk maagspiere speel 'n belangrike rol by die aanleer van Karate. Die Japanese glo dat die siel van die mens in sy maag gekonsentreer is, en daarom is sterk maagspiere belangrik. Die maagspiere speel 'n rol by elke beweging wat uitgevoer word.

Hiermee saam, is korrekte asemhaling van kardinale belang en goeie asemhaling, of die afwesigheid daarvan kan die koördinasie van bewegings baie beïnvloed. Mens asem in, ontspan, blaas jou asem uit en span alle spiere om die beweging uit te voer.

Alle karatebewegings, hoe ingewikkeld hulle ook al mag voorkom, bestaan uit basiese staanposisies wat die fondament vorm waarop die res van die bewegings gebou word. Alle staanposisies is laag om perfekte balans te verseker. Die heupe speel ook 'n belangrike rol. Wanneer jy beweeg moet jou lyf regop gehou word, terwyl jou balans in hou heupe en maag gekonsentreer is. Die heupe word dus eerste vorentoe beweeg, gevolg deur die lyf.

Om die hoogste sport in Karate te bereik kos baie harde werk en deursettingsvermoë. 'n Goeie karateka streef altyd om die vyf grondbeginsels van Karate na te volg. Dit lui as volg:

— Ek sal my liggaam en siel gereeld oefen tot volmaaktheid van **karakter.**
— Ek sal daarna streef om die ware weg van Karate te verstaan, en te beoefen met **opregtheid**
— Ek sal die vurigheid en **etiket** van Karate-Do bevorder.
— Ek sal my Karate kennis nooit misbruik nie, en streef tot volmaakte **selfbeheersing**

Die hoofpunte hiervan word gereeld deur elke klas aan die einde van 'n oefening in die "dojo" (gimnasium) herhaal. Hulle sê dan die volgende woorde agter hulle "sensei" of meester aan: Karakter, opregtheid, inspanning, etiket, selfbeheersing.

Hoewel Karate as 'n vorm van selfverdediging ontstaan het, het dit vandag tot 'n gewilde sport ontwikkel. Tog bly die basiese beginsels nog steeds staande — om aan te val en terselftertyd te verdedig. Verskeie Karatestyle word vandag oor die hele wêreld beoefen. Van die bekendste style is: SHOTOKAN (die oorspronklike styl van meester Gichin Funakoshi, en die styl wat ek as die sterkste en doeltreffendste beskou); GOJU RYU; SHUKUHKAI en TAEKWANDO.

Dit is dus duidelik dat Karate as sportsoort in gewildheid toeneem. Ook in hierdie skool is daar tans 'n hele aantal kranige Karateka's wat graag hul vernuf sal wil uitbrei. Moontlik sal daar ook jongelinge wees wat die uitdaging van hierdie kuns wil aanvaar. Om aan hulle die geleentheid hiervoor te bied wil ek voorstel, nee, eis dat 'n Karateklub by die skool gestig word!

Wil julle nie kyk wat julle volgende jaar hieromtrent kan doen nie? Dankie byvoorbaat vir 'n suksesvolle poging.

Hennie Grobler, 10A.


TELEFOON: 2-0884
Tel. Ad.: GUNFIRE

POSBUS 102
310 KERKSTR.-OOS

GROENEVELD EN HICKS

(EDMS.) BPK.

HANDELAARS IN WAPENS, AMMUNISIE EN VISGEREEDSKAP

IS VISVANG EN SKIET U LEWE?
KOM DAN NA GROENEVELD EN HICKS (EDMS.) BPK. VIR DESKUNDIGE FLINKE EN VRIENDELIKE DIENS TEN ALLE TYE.

ONS SPESIALISEER IN:

- NUUTSTE GEWERE EN AMMUNISIE
- VISGEREI VIR DIE KIESKEURIGE HENGELAAR
- EN REPARASIES WAT DEUR DESKUNDIGES WAARGE= NEEM WORD.

AS U 'N BUITELUG MAN IS HOU ONS DAN IN GEDAGTE


## Oom Wessie

*Toe Heidelberg nog maer en klein was*
*Staat hy reeds in die klas*
*Hy was toe vol van spier*
*want dié Heidelberg is sonder bier!*

*Op Wolmaranstad kom hy in rat*
*en pluk toé al "saaidies" ou kat!*
*van Fisika wéét hy, maar weet nie;*
*"Hoe meer jy eet, hoe meer IS jy nie!"*

*By Affies raak hy begeester*
*en gee klas soos 'n meester*
*Sy stem sny soos 'n sens*
*en daarom is sy naam . . .?!!*

## GESOEK



"DIE VURIGE VARK"
VIR: Roekelose bestuur
Beloning: Ja

GETEKEN: Affie - Mafia

## Vir die Motorliefhebber

Word binnekort vertoon!

**They call me Masserati**
*Bud Suspension*
*Terrence Hillman*

**Clutch Cassidy and the Dutsan kid.**
*Robert Bedford*
*Paul New Manta*

**Paint your Volkswagon**
*Aston Martin*
*Colt Eastward*

**Iuv-Bug Story**
*Ryan O'Wheel*
*Ali Mc Car*

**Far from the Mazda Crow**
*Julie Chrysler*
*Alan Benz*

**The Hotrod Father.**
*Marlon Brabham*
*Al Passata*

**The Great Wolseley Pepper.**
*Robert Bedford*

**The Three Mustangs.**
*Mark II York*
*Chalton Pistons*
*Faye Roadway*

**Alfa Romeo and Juliet.**
*Olivia Chassis*
*Renault Whiting*

**The night of the General Motors.**
*Omar Chevvy*
*Peter O'Toolbox*

**Ryan's motor.**
*Corsairah Miles*
*Robert Ignition*
*Chrysler Jones*
*John Rolls*

**Roller ballbearing.**
*Jammed Car*

**Odessa Firestone.**
*John Deare Voight*
*Austin Marina Tamm*

**Goodbye Mister Chev.**
*Petroleum Clark*
*Peter O'Toolbox.*

**My Fairlane.**
*Audi Hepburn*
*Royce Harrison*
*Stingway Holloway*
*Gladys Coupé.*

**A Clutch of class.**
*Glenda Jacked up*
*Eric Seatbelt*

**Colt.**
*Suzuki York*
*Rover Moore*

**The Daimler Hunters.**
*Riley Mills*
*Daytona Mc Cullam*

**Jaguarnaught.**
*Richard Morris*
*De Ville Hemmings*

**The man from La Manta.**
*SoFiat Lorry*
*Carload Pontiac.*

**Bespreek by Kombiticket om teleurstelling te voorkom.**

## Pistologie

**Die volgende gedig word aan 'n sekere meneer X opgedra — deur diegene wat hom ongelukkig moet verlaat na 'n hele aantal jare wat hulle onder sy leiding gestaan het.**

*Hy kom daar van die Boeland af,*
*Daar draf hy rekords kaf.*
*Hy was bekind van Rondebosch,*
*Tot in 'n koshuis in Stellenbosch.*

*Hy was eers L.O. Leerkrag,*
*en gaan van Perd tot gewigkrag,*
*en voor hul wis:*
*is hy deur die sillabus!*

*Toe word hy Bioloog*
*en leer van sel tot Bokkapatersoog*
*maar in plaas van Biologie*
*Leer hy . . . . . Pistologie*

*Hy is egter geliefd alom*
*waar hy wikkel met arms krom*
*ons sal hom mis as Pistoloog*
*met 'n traan in Bokkapaters oog!*

"B"

## Melkboer

*Buite die stad op 'n plasie*
*kry hy Historie inspirasie*
*van die tarentaal se getjierr-tjierr*
*en die melkstraal se gesjierr-sjorr!*

*Elke dag is soos 'n veldslag*
*dis hare "CHECK" met Napoleonsmag*
*Dan daal die melkprys en O . . .*
*Hy sien sy Waterloo!*

**Ondersteun ons Adverteerders**


*MET KOMPLIMENTE*

# Ace Motors

MOTORFIETS SPESIALISTE

429 PRETORIUS STR.
PRETORIA

TEL. 48-3861/2

POSBUS 2896

AGENTE

YAMAHA • HOND. • KREIDLER

# Puellarum Artes



### HOENDERKOP

Ek is jy en jy is ek
Ja miskien is ek so 'n bietjie gek
Maar dis die liefde wat so maak
My hele lyf die word hoendervel
as jy net aan my raak!
Jy is die een vir wie ek leef
Onthou, volgende winter sal ek vir jou 'n truitjie weef
My kop is soos 'n meulemaal
Elke keer as jy my kom haal
My ma sê: Ek het muisneste in my kop
O ja — en jy is mos baie lief vir ertjiesop
Ja die liefde maak my sommer hoenderkop! (Margie)

### JOLLY JUK EN TEDMOSOL

'n Kielie hier en 'n krappie daar,
ja dit is regtig waar;
Die dokter spook hom byna dood,
in die tyd van die diepe nood
Maar al wat hy nou kan sê
is, "Jy moet in die bed bly lê"

'n Slimme skoolhoof vind toe uit
dat, Tedmosol die Juk sal stuit
dié naampie gebruik ons om ons rond,
Dit maak mos die Jolly Juk gesond.

Jolly Juk St. 6C

**Gedurende die naweek van 12—14 September het veertig van ons C.S.V.-lede met Mejj. Bouwer, Pretorius en Mev. Du Toit as leidsters in Sekhukhuneland gaan kamp.**

Klipspruit is 'n sendingstasie in Sekhukhuneland waarop daar ook die Bosele skool vir Bantoeblindes is. Daar is 'n heerlike kampterrein wat uit groot rondawels bestaan en in die ontspanningsaal is daar 'n tafeltennisblad en ook 'n klavier. Die klavier het baie gou werk gekry toe die Affies begin Volkspele doen het. Sommer baie gou was 'n ieder en 'n elk hierby betrek en die pot sop en toebroodjies was baie welkom daarna.

Vrydagaand het ons toe konsert gehou. Dit was heerlik en selfs Juf. Bouwer, Mev. du Toit, Ds. Beukes en Steve het elk 'n item gelewer. Na 'n heerlike beker koffie het ons na Ds. Beukes se eerste praatjie geluister wat gehandel het oor Eva, die ontvanger van die belofte.

skool vir Bantoeblindes besoek en daar is vir ons gewys hoe die blinde kinders leer skryf en lees. Dit was wonderlik om die weefwerk van hierdie kinders te sien en menige Affie se hart het gebrand om langer daar te kon bly.

Saterdagaand het die blinde kinders vir ons konsert gehou en ek is seker dat nie een Affie ooit hulle wonderlike sang sal vergeet nie. Ons moes ook twee items op die konsert lewer.

Sondagoggend was ons saam met die blindes na hulle kerk toe. Dit was 'n wonderlike ondervinding.

Na 'n heerlike middagete het ons almal opgepak en was ons weer op pad huistoe met 'n onvergeetlike naweek agter die rug, waarin ons geleer het om ons Godgegewe seëninge oor en oor te tel en Hom daarvoor innig dankbaar te wees.

Lorraine Schönfeldt 10B.

### GEBED VIR DIE KERSGETY

Laat my hart leegloop soos 'n uurglas
Laat die kerse se stil vreugde oor my stuif —
die goue lig ook in my oë vonk.
Suiwer my moeë siel van 'n jaar se lewe en sterf en breek my huis tot op die bitter been
Laat stort my voorgee — **tente**-

dat ek weer enkel voor die sterre kan staan
sonder weet of wil
Die jaar het sy dieper kennis soos olie in my kruik gestort
Laat my dan nou weer kind word om met kinderlike vertroue drie wyse manne in die sterre te soek.

Lianda Beyers

### 'N BOERESPORT-FEES!

Oral op die veld rond
Draf alle soorte Affies
flink en vinnig
rond en bont.
Dis 'n boeresport-fees
vol Affies met gees.

Almal ding gretig mee
Veral dié klas —
Dis natuurlik 9E
Terwyl die 9A's
besig is om te "brag"
omdat hul voorloop
met die gesogde toutrek.

Party het hul weer heerlik misgis
Toe hul later besef
wat die hindernis is.
En ander geniet weer die sakreisies
Maar glo my—
Sekeres is daar slegs vir
die belangstelling in meisies!

Skielik. . .
Die Affinas lyk ontsteld
Is dit dalk oor die gebeure
wat plaasvind op die hokkieveld?
Want Seunshoër loop voor
En hoe lyk dit dan of
Meisieshoër dié keer gaan verloor?

Na spanning wen Seunshoër net-net
Alhoewel dit 'n dag was van pret
En al dink jul seuns jul is goed
Onthou, ons Affinas
is die met oneindig baie moed
En sal ons jul volgende keer
wys wie is baas
Al dink jul partymaal ons is dwaas?!

Alma Visser — 9E

### GLFRZXCAD/§23456789-bnfta.

What has happened to us?
Where are all our personal thougts
let's make some
before we all become
glfrzxcad/=23456789-bnfta.
it's the computer age . . .
BUT WE THOUGHT WE WERE MEN!
let's make a new world
you
me
everybody
let's have pets
flowers
let's leave the twentieth century farce,
come, we'll all go back
not in time
but back to humanity
THERE ARE PEOPLE DYING OUT THERE!
so? who knew?
I thought this was the computer age
It is
But where is all the promised help
gone
glfrzxcad/=23456789-bnftg.
that's what we are now.

Lizette Venter St. 6E

### PHILOSOPHICAL MEDITATION

in a
timeless
heaven
of emptiness
a golden albatross
drifts drowzily
on a fluttering breeze
on a silky beach
a suntanned girl
sinks
pebbles into
a misty sea
of freedom
wild winds
entangle
in her
flowing
hair
in an endless attitude of
sweet intoxication
a sun
dissolves on a bronze
horizon
the golden bird
drops
down
and dies
in hazy tranquility.

St. 6.

### GEBED VAN 'N DWELMVERSLAAFDE

Heer, ek is alleen
net hoe
weet
U alleen

Ag, kom na my
en staan my by!
Heer,
stil tog
hierdie
verlange
en maak my gretig in my werk
sodat ek
kan vergeet
van dit wat my in kwade sterk.

Slegs U weet hoe ek daarna smag
dag
en
nag
daardie verlange en pyn
na pil en spuit
'n kwadedaad
Heer
U wat weet van
pyn en dood
Help my Heer
om te vergeet
om net te streef na wonderskone
ek vra
dit ne'drig voor U troon
Liewe Heer
Sal U genade toon?

Riana Steynberg 9C.

### AAN 'N MODERNE SKILDERY

O jy meesterstuk van die twintigste eeu,
jy wat niks beteken
wat maak jy hier
tussen al die skones

Jy wat geen storie vertel,
jy wat geen skoonheid toon,
met jou lyne, kolle en
geen verhouding enigsins.

Jy met jou skreeuende kleure,
daardie aaklige gedaante —
reken jy dit as 'n mens,
of vertel my wat dit als beteken.

O sotheid deur die mens geskape,
kyk tog om jou heen.
Sien jy daardie Mona Liza
Sy is die sinnebeeld van die skoonheid.

Standerd 6



*Ons knap perderuiter Cecilia Geldenhuys wat haar naam in die perdewêreld gemaak het hierdie jaar. Ons verwag nog dinge van haar.*

## ONNIES ARTES

Voeg bymekaar en meng in 'n glasbak met 'n houtlepel:

10 ml. van Mev. van der Heever se: "Dogtegs, pgaat julle tog nie op die tgappe nie!"

220 g van Mev. Nel se: "Treurtrit!"

160 g van Mam Bierman se: "Oh, no ladies won't you please settle down now? Sit away from the wall and anyway a lady doesn't peep through a window/"

1,25 ml. van Mej. Bouwer se: "I beg your humble pardon!"

50 ml. van Mej. Hirschorn se: "En toe kry ons dat . . . dit kom dat . . . dit gebeur dat . . . alles so verloop dat . . . die Britse setlaars . . ."

1 lit van Mev. Bauer se: "Lek jy die lepel af?"

15 ml. van Mev. van Graan se: "Op julle agterpootjies en alle ogies op die bord!"

50 ml. van Mev. Zaaiman se: "Mei-sies!"

2 eetl. van Mev. Venter se: "Girlies!"

20 ml. van Mev. Pienaar se: "Waar's jou vulpen! Ag, dogters maak tog oop die vensters, dis so bedompig of, suig jy kieme?!"

12,5 ml. van Mej. Geldenhuys se: "Eet jy in my klas; daaroor is ek regtig nie mal nie!"

160 g van Mev. Hartman se: "My kind . . . gaan jy Wiskunde slaag" of "Is jou naels interessanter as my klas?!"

200 g van Mev. Rademeyer se: "Gooi maar jou koutjie in die snippermandjie."

**Voeg dan by:**

1,25 ml. van Mej. Hoon se: "Shurrup!"

125 ml. van Mej. van Rensburg se: "Mense julle mag nou rus maar moet net nie die vlaktes in hardloop nie!" (tussen periodes). "As ek stilletjies die klas ingesluip kom moet julle weet ek ly aan 'n minder waardigheidskompleks."

1 teelepel van Mej. Muller se: "Lie-fie, moenie op die gras loop nie" of "As jy jou beenhare skeer dan roei jy jou gawes uit!"

10 liter van Mej. Holtzhausen se: "Flink en vinnig dogters" of "Julle moet getrou op jul pos wees."

1,25 ml. van Mev. van Schalkwyk se: "Dogters julle opvoeding . . . julle opvoeding!!"


20 g van Mev. Kruger se: "Buig jou vingers" of "Jy buig nes stokke".

12 g van Mej. Bothma se: "Parratjies . . . uit met julle skoene en twee maal om die landloopbaan!"


1 teelepel van Mev. Wilkens se: "Ja dogters ek weet dis die laaste periode op 'n Donderdag maar asseblief . . ."

Voeg alles saam in 'n koekpan en bak vir plus minus 35 min. en wat kry jy? 'n Hardgebakte Affelina!

Annalise Maree



*What's a grudge? It's where you park your car.*




*Ons nuwe hoofmeisie Ronél Oosthuizen*
*Baie, baie geluk. Ons hoop jy geniet dit vreeslik en dat jy met 'n ysterhand sal regeer.*

# *SPORTMAN VAN DIE JAAR*

# JAN MARAIS

**Jan Christoffel Marais is gebore op 26 Junie 1957. Hy ontvang sy laerskool opleiding aan die Laerskool Pretoria-Oos waar hy dan ook hoofseun was. In sy st. vyf jaar speel hy vir die Noord-Transvaalse Laerskole rugby span vleuel.**



Januarie 1971 stap Jan as st. 6 by Affies in. Hy bewys homself op die atletiekbaan en ook op die rugbyveld. Net om te wys hy is nie kwaad nie haal hy die interbond atletiekspan. Gedurende sy st. 6 jaar oorreed die Springbok atleet, Jan Barnard, vir Jan om sy rugby te laat staan en voluit verder met atletiek aan te gaan. Die volgende jaar gaan dit weer eens uitstekend met Jan se atletiek en behaal hy weer die interbondspan, sowel as die Noord-Transvaalse Hoërskole span. In st. 8 word hy vir beide die interbond en junior Noord-Transvaal span gekies. Later in die seisoen neem hy ook deel aan die Suid-Afrikaanse junior kampioenskappe. Alhoewel Jan nog o/16 was wen hy die 800 m o/17 in 'n tyd van 1 min. 54,4 sek. Hierdie tyd was die beste 800 m o/16 in die wêreld vir 1973! Dit was 'n mylpaal in sy atletiek en hy het voortgegaan en nog harder gewerk vir die volgende seisoen.

## Rekords

In st. 9 word Jan weer in die interbondspan ingesluit asook in die junior Noord-Transvaal span. Op hierdie stadium van sy hoërskoolloopbaan het Jan al baie van Affies se rekords agter sy naam kon skryf en staan sy naam, toe al, dik in die atletiek kringe geskryf. In 1974 neem Jan weer aan die S.A. Kampioenskappe deel en ding mee in die 800 m en 400 m o/17. Hy behaal in altwee eerste plekke en word sodoende 'n dubbele S.A. kampioen. Jan se beste tyd oor die 800 m vir die 1974 seisoen was die tweede beste 800 m tyd vir 'n o/17 in die wêreld ooit. Dit was nog 'n mylpaal in Jan se atletiek en 'n mooi beloning vir sy toegewydheid van die afgelope vier jaar.

In st. 10 was Jan die kaptein van Affies se atletiekspan, word hy weer eens verkies tot die interbond en junior Noord-Transvaal span. Gedurende die Junior S.A. Kampioenskappe ten spyte daarvan dat hy ongesteld was behaal hy 'n eerste plek in die 800 m. Gedurende die groot internasionale byeenkoms in Pretoria behaal Jan 'n sewende plek in die 800 m vir mans. Met die senior S.A. Kampioenskappe behaal Jan weer 'n sewende plek in die 800 m vir mans en klop in die proses vir Danie Malan. Met hierdie twee byeenkomste het Jan getoon dat hy onder die heel beste mans 800 m atlete, van ons land tel.

## Oorsee

In 1975 is Jan ook gekies vir die oorsese toer van die S.A. junior Afrigtersverenigingspan. Hulle het o.a. in Duitsland deelgeneem. Hy het gedurende die toer 'n eerste plek in die 800 m en 'n tweede plek in die 400 m behaal.

Jan het dwarsdeur sy hoërskoolloopbaan aan Landloop deelgeneem en in st. 6—9 die Noord-Transvaalse Landloopspan gehaal.

As 'n mens na Jan se oefenprogram kyk, dan besef jy dat hy wel deeglik met sy talente gewoeker het en daarom het prestasie ook nie uitgebly nie. Jan oefen gemiddeld elf keer per week, in die oggend en middag en dit beloop plusminus 30 uur per week. Buiten Jan se stywe oefenprogram was hy ook nog van st. 6—9 klaskaptein en in st. 10 hoofseun. Hierdie verantwoordelikhede het baie pligte meegebring, buiten sy skoolwerk en daarom was die sukses behaal 'n soveel groter beloning vir die harde werk.

Of Jan enige mikpunt verder het wat betref sy atletiek sê hy dat hy liewers nie 'n voorspelling wil waag nie maar dat hy sal gaan so ver soos hy kan. Hierdie puik sportman gaan sy diensplig by die polisie voltooi en dan dink Jan aan 'n loopbaan verder waar hy akademies kan voortgaan, sowel as om sy sport terug te ploeg.

## Afrigter

Volgens Jan het mnr. Vermeulen 'n reuse aandeel in dit wat hy sover bereik het. Jan skryf sy sukses toe aan die motivering en onderskraging van sy afrigter mnr. Willie Vermeulen, die afgelope 5 jaar. Vir Jan het mnr. Vermeulen altyd net die beste reggehad en het geen moeite ontsien om Jan te help net waar hy kan nie. Hierdie afrigter kry saam met Jan swaar, maar deel ook honderd persent in die vreugde van sy oorwinnings. Kobus Schoeman wat 'n paar jaar gelede op Affies was, was ook vir Jan 'n groot motivering om voort te gaan met atletiek.

## Uitdagings

Van sport in die algemeen sê Jan: "Sport is 'n integrale deel van elke mens se lewe en sovêr jou vermoeëns strek moet jy die geleenthede en uitdagings wat aan jou gestel word aangryp en daarvan die beste maak wat jy moontlik kan."

Vir Jan was dit nog altyd 'n jammerte dat hy nie aan 'n groot verskeidenheid sportsoorte (soos bv. o.a. rugby) kon deelneem nie, maar hy sê ook dat indien jy wil presteer in 'n spesifieke sportsoort moet jy spesialiseer, toegewyd wees en bereid wees om baie opofferings te maak.


Jan is altyd entoesiasties t.o.v. die saak wat hy dien, hetsy skool, of wat ook al. As hy met iets begin het dan voer hy dit

## Gebalanseerd

enduit, sonder om 'n oomblik te huiwer. Hierdie twee kenmerke van Jan word weerspieël in sy deursettingsvermoë op die atletiekbaan.

Jan het homself bewys as 'n baie gebalanseerde jong man met 'n wye veld van belangstelling. Hierdeur is hy vir ons almal 'n navolgingswaardige voorbeeld.

Wiele van Heerden




## Gimnastiek

**Gimnastiek is 'n sportsoort wat deesdae baie min aandag by ons skool geniet. Op die oomblik bestaan daar nie 'n gimnastiekklub op Affies nie. Nieteenstaande die feit neem baie van ons seuns nog aan die sportsoort deel.**

Alhoewel die gimnaste aan verskillende klubs behoort neem hulle nogtans onder Affies se naam deel! Tydens die Noord-Transvaalse kampioenskappe is vyf van ons seuns gekies om Noord-Transvaal by die streekskampioenskappe te verteenwoordig. Hulle is: o/15 Deon Botha wat 'n vyfde, Deon Engela wat 'n agste, en Gert van Rensburg wat 'n sewende plek behaal het. In die o/17 afdeling het Rian van der Watt 'n vierde plek behaal. Christo Cloete het 'n puik vertoning gelewer en die eerste plek in die o/19 afdeling verower. Tydens die streekkampioenskappe in Johannesburg is drie Affies nl. Deon Botha, Rian van der Watt en Christo Cloete gekies om Noord-Transvaal te verteenwoordig by die S.A.-kampioenskappe in Pretoria. Ten spyte van 'n beseerde hand en teen doktersbevele het Christo deelgeneem en twee silwer medaljes gewen en 'n vyfde plek behaal.

Affies se gimnaste het weer eens hierdie jaar hulle goed van hulle taak gekwyt en baie goed presteer.

## POTGIETER — S.A.-KAMPIOEN

**— Hannes Potgieter, st. 9, is die beste ysskaatser wat Suid-Afrika nog opgelewer het. Dit het hy bewys deur die hoogste punte wat 'n Suid-Afrikaner nog ooit op die Nasionale Kampioenskappe verkry het, te behaal. Hy het dan ook die beker as "Skaatser van die Jaar" ontvang, en is bekroon as "Beste Skaatser in Afrika".**

Hierdie geweldige hoogtes volg na 'n periode van afgewisselde sukses en teleurstelling:

Sedert hy 5 jaar gelede begin het met Noord-Transvaal seuns o/12 was hy al o.a. 4 keer S.A. kampioen in sy ouderdomsgroepe. Verlede jaar verteenwoordig hy S.A. in die Junior Afdeling van die Internasionale Kampioenskappe te Megeve in Frankryk, maar breek 4 dae voor die kompetisie sy arm. Hy neem nogtans deel en eindig 10de.

Vir die Nas. Sen. Kampioenskappe, gehou 1—3 Oktober op die "Sky-Rink" in Johannesburg, skryf hierdie 16-jarige seun in die afdeling Ope Mans in. Sy sterkste teëstander is die Springbok Stephen Melville, verlede jaar se wenner in dié afdeling. Die stryd bereik 'n hoogtepunt toe Hannes die 3 dubbele sprong doen — die eerste keer dat 'n Suid-Afrikaner dit nog ooit in 'n kampioenskap probeer het. Nadat hy 3 keer in die lug in die rondte getol het, land hy veilig op sy voete, en verower so 4 eerste plekke teenoor Stephen wat tweede kom met een eerste plek.

Hannes is die enigste nominasie om Suid-Afrika volgende jaar in St. Gervais en Obersdorff te verteenwoordig. Al wat nou nog tussen hierdie Affie en sy Springbok-baadjie lê, is die toetse vir 'n intergoue medalje, in die middel van November 1975. Ons twyfel nie daaraan dat jy dit kan doen nie, Hannes, en wens jou alle sterkte toe! Ons hou jou vordering met groot belangstelling dop!

Met Komplimente van:

PS TIMBER

311 VERMEULEN STR.
TEL. 34825/6/7

Hierdie publikasie bring vir elkeen van ons wat belangstel in die onderrig en opvoeding van ons jeug 'n blye boodskap wat die verrigtinge van nog 'n jaar van ondernemings en prestasies van die skool weerspieël.

★ ★

Ons hier by Volkskas waardeer die geleentheid om aan die Hoof en sy personeel ons dank en waardering te betuig; ook vir die dinge wat hulle buite die bestek van hul amptelike pligte vir ons gemeenskap doen en waaraan ons al so gewoon is dat ons dit nie meer elke dag raaksien nie.

★ ★

In die sakewêreld waar ons jaarliks beginners benodig om later van die mees verantwoordelike poste te beklee, kan ons slegs voortbou op die fondamente wat in die skool gelê is. U skoliere van vandag is ons sakemense van môre.


VOLKSKAS BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)
Hoofkantoor: Pretoria

★ ★ ★

## Administrateursbekertennis:

# AFFIES BEHAAL DRIEKUNS



**Vir Affies was 1975 weer eens 'n besondere tennisjaar. Die tennis wat hierdie jaar gespeel is was van hoogstaande gehalte en groot hoogtes is bereik. Die herowering van die gesogte Administrateursbeker vir tennis was sonder twyfel 'n groot hoogtepunt in die afgelope jaar se sportprestasies.**

Woensdag 24 September het ons puik eerste span bestaande uit Kobus Visser, die kaptein, Johan Kriek, Ian Duvenhage en Pieter Smit in die finaal te staan gekom teen die sterk span van King David, afkomstig van Johannesburg. Reeds vroeg in die wedstryd was dit duidelik dat



*Kobus Visser*

Affies nie maklik sou afstand doen van die gesogte beker wat reeds die afgelope twee jaar deur ons verower is. Dit was nie baie lank nie en die enkelspelle is afgehandel. Die telling, vier nul in Affies se guns. Ons kon die beker nie meer verloor nie. Die Affies het egter nie op hulle loure begin rus nie en na die eerste twee dubbelspelle was ons ses



*Ian Duvenhage*

nul voor. Johan Kriek en Pieter Smit wen hul volgende dubbelspel baie maklik. Koos Visser en Ian Duvenhage moes na 'n lang en verbete stryd die knie buig en verloor net-net hulle tweede dubbelspel. Die eindtelling was dan ook sewe wedstryde vir Affies teen slegs een van King David. Die tennis wat op hierdie dag gespeel is,



was van hoogstaande gehalte en beslis 'n lus om na te kyk.


Die o/15 A-span bestaande uit J. Jordaan, F. Sauer, D. Visser en H. de Wet het hierdie jaar ook baie goeie tennis gespeel en die o/15 liga gebuit. F. Sauer en D. Visser is vir ons Appletizerspan gekies. Hulle het reeds hulle wyk gewen en aan die einde van die jaar sal hulle in Stellenbosch aan die eindrondte vir hierdie



*Pieter Smit*

kompetisie deelneem. Alle sterkte aan die Appletizerspan. Bring ook hierdie gesogte trofee weer terug na die skool waar hy hoort.

Ook ons tweede tennisspan het hulle hierdie jaar skitterend van hul taak gekwyt en die Noord-Transvaalse Hoërskole kampioenskappe gewen deur met ons eerste span af te reken. Dit wil voorkom of ons tweede span die kwaaiste teenstand gebied het van al die tennisspanne teen wie ons eerste span hierdie jaar gespeel het. Die diepte van tennis op hierdie skool word hierdeur duidelik aangetoon en ook die feit dat toe Johan Kriek en Ian Duvenhage wat vir die Noord-Transvaalse Hoërskolespan gekies is hulle onttrek het twee ander Affies in hul plek gekies is. Die ander Affies wat die Noord-Transvaalse Hoërskolespan gehaal het is P. Smit, K. Visser, W. Nel, W. Labuschagne en J. Sauer.



*Johan Kriek*

Die tennisspelers is bekend vir hul gewildheid onder die skoner geslag. Die rede hiervoor — hulle help die meisieskool elke jaar deur hulle te help om die gemengde liga's te buit. Ons het hierdie jaar weer eens in samewerking met die meisieskool in albei ouderdomsgroepe die gemengde liga's gewen.

Kobus Visser.

## DODELIK

**Die senior Skietspan het gekwalifiseer om deel te neem aan die Noord-Transvaalse Kadetkompetisie op 4 Oktober te Ermelo. Daar aangekom is Affies bo alle ander skole uitgekies en verwelkom deur die Hoër Meisieskool Ermelo.**

Onthou egter dat Affies geen kompetisie te straf vind nie — aan die einde van die kompetisie het Affies se span geëindig uit tien skole. Braam Cilliers en Thys (straightshoot) Odendaal het gekwalifiseer vir die Noord-Transvaalse skietspan en Jean-Andri Marais is gekies as reserwe van bg. span. Braam en Thys Odendaal kwalfiseer dan ook om aan die einde van die jaar aan die S.A.-kampioenskappe in Port Elizabeth te gaan deelneem.



## KRIEKET BALSLANERS BRING HUL KANT

Die afgelope krieketseisoen was besonder geslaagd. Die belangstelling, veral onder die jonger spelers, was baie groot.

In die verskillende ligas het ons besonder goed gevaar. Die eerste span het al vyf die ligawedstryde, tot op datum afgehandel, gewen en so verseker dat hy die eerste liga buit nog voordat die laaste wedstryd afgehandel is. Dewet Marais en Conrad Backeberg met die kolf en Philip Pretorius en Ernie Edwards met die bal het menige Saterdag die wa vir die eerste span deur die drif gesleep. Die tweede span het besonder goed presteer deur vier van hulle vyf wedstryde te wen. Anton Scheepers, Victor Verster, Willie Fourie en Deon Conradie het vir die tweede span uitgeblink.

Die krieketklub sal in 1976 sonder die dienste van mnr. Lamprechts moet klaarkom. Hy gaan terug Stellenbosch toe vir verdere studie. Des nieteenstaande is ons vol vertroue vir die toekoms.

Hansie Oosthuizen

# WATERSPORT WEN VELD

**Ons Suid-Afrikaners roem daarop dat ons 'n land van sonskyn het. Dit stel ons in staat om 'n wye veld van sport te beoefen, maar ons maak eintlik baie min gebruik van hierdie geleentheid. Die sportsoort waarop ek graag wil konsentreer is 'n skoon en nat vorm van ontspanning, naamlik seil.**



Seiljagvaart in Suid-Afrika was vir baie jare sluimerend en het onlangs eers begin veld wen. Mense begin nou eers ontdek dat dit nie alleen die individu in staat stel om dit te geniet nie, maar hom ook die geleentheid bied om van sy alledaagse frustrasies en spanning ontslae te raak.

Ons kan seiljagvaart in twee hoofgroepe verdeel, naamlik die "dingy"-klas en die kielbootklas. Laasgenoemde is die meer luukse vorm van seiljagvaart en word geassosieer met die Kaap na Rio wedvaart. Die klassifikasie is in hierdie afdeling gebaseer op waterverplasing, daarom kry ons voltonners, halftonners, kwarttonners, ens. Dit is ook die maatstaf van die koopprys, wat definitief nie 'n geringe bedraggie is nie.

Die "dingy"-klas is meer vir Jan Alleman. Dit is net 'n klein bootjie wat deur die hanteerders se gewig geballanseer word. Onder hierdie afdeling is o.a. die 505, die Flying Duchman, die Finn en die Tandola — erkende wêreldklasse in Suid-Afrika.

Die "dingy"-klas kan weer verdeel word in die comeensianele "dingy" en die nuwe dunkers en saam met hulle die Catamarangs. Die Catamarang as sulks is nie alleen baie vinnig nie, maar ook baie veelsydig. Hulle kan van enige stand of damwal die water ingeneem word en is dus baie gerieflik in dié opsig.

'n Paar maande gelede is 'n klub gestig spesiaal om catamarangseil te bevorder. Dit is 'n rondgaande klub wat nie aan 'n spesifieke dam gebonde is nie, maar tog 'n eenheid vorm by klubresies. Die groot vriendekring wat mens daardeur opbou en die aansporing om te verbeter in kompetisie is die beste afleiding vir 'n gespanne en gefrustreerde, moderne mens.

Seil behels natuurlik 'n groot hoeveelheid kennis en vaardigheid. Om met die wispelturigheid van die wind 'n seiljag te hanteer verg meer as net konsentrasie, daarom verskaf die sportsoort mens groot bevrediging as jy iets wil bereik.

In ons sonnige land lê daar 'n nuwe uitdaging voor die deur: seiljagvaart.

SINBAT

## • RUGBY

# HUISE MAAK AMOK

**Gedurende die laaste deel van September en die eerste week in Oktober het die laaste rugby wedstryde van hierdie jaar plaasgevind. Die wedstryde wat tussen die verskillende huise plaasgevind het, het groot belangstelling uitgelok.**

Tydens die eerste rondte het 'n gematigde senior Koedoespan 'n amper sterk koshuisspan geheel en al oordonder en was sonder twyfel die beste span van die veld af. Die eindtelling het getoon dat die Elande 'n onverdiende voorsprong van 1 punt deur die wedstryd kon opbou om sodoende baie maklik te wen.

Teen alle verwagting in het die patetiese span van die Elande die magtige Hartbeesspan net-net gewen ten spyte van skitterende spel aan die kant van die Hartbeeste. Die telling kan weens die onkunde van die skeidsregter nie genoem word nie — hy sê hy kan nie so vêr tel nie!? By die juniors het die woelige span van die Koedoes teen die k[illegible]e-dood span van die Hartbeeste verloor. Die junior Elande wat net nie op dreef kon kom nie het die goed gebalanseerde span van die Koshuis verslaan.

Na die finale is daar nie juis met groot verwagting uitgesien nie aangesien die Hartbeeste nie meer kon wen nie. Die Koshuis en Hartbeeste het so 'n bietjie op die veld rondgehardloop en toe die partydige skeidsregter begin moeg word is die wedstryd weens 'n misverstand aan die Koshuis toegeken.

Tydens 'n titaniese stryd het die swakkerige Elande die sterkerige Koedoes oorrompel. Weer eens het die Elande hulle



onkunde op die rugbyveld bewys en is as algehele wenners bekroon.

Ons sien beslis uit na volgende jaar se kragmeting.

Onpartydige sport korrespondent.

Probeer gerus ons vriendelike en gespesialiseerde diens.
Vir al u sporttoerusting kontak ons by

VARSITY SPORTS

36 Sunnypark Sentrum
Sunnyside
Tel. 42-1254

# GENIET DIE VAKANSIE!

Craft Pers 6346 1,2m 11/75